Die ontwikkeling van rekeningkundige standaarde wat handel oor ontasbare bates, innovasie en navorsing en ontwikkeling, is kontroversieel en een van die belangrikste kwessies waarmee die rekeningkundige professie die afgelope aantal jare mee te kampe gehad het. Tegnologie is 'n beslissende faktor in die huidige wêreld ekonomie en gevolglik het die bedrag van navorsings- en ontwikkelingskoste en hoe hierdie koste rekeningkundig verantwoord word, 'n belangrike ekonomiese effek op die toekoms (Nix & Nix, 1992:52). Navorsing en ontwikkeling speel 'n belangrike rol in die voortbestaan en toekomstige sukses van 'n onderneming. Aangesien die uiteindelijke sukses van navorsing en ontwikkeling 'n belangrike effek op toekomstige finansiële resultate van ondernemings sal hê, is dit noodsaaklik dat die koste van navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite volgens 'n toepaslike rekeningkundige verantwoordingsmetode verantwoord word en dat voldoende inligting oor hierdie aktiwiteite aan die gebruikers van finansiële jaarstate gekommunikeer word.

Internasionaal is daar tans nog nie eenstemmingheid bereik oor die mees toepaslike wyse vir die rekeningkundige verantwoording van navorsings- en ontwikkelingskoste nie. Die kompleksiteit van hierdie kwessie word beklemtoon deur die verskillende benaderings van persone wat betrokke is by die stel van standaarde in die Verenigde State van Amerika en die Verenigde Koningryk (Everingham & Watson, 1998:93). Nixon (1997:265) maak die volgende stelling:

The practical difficulties of deciding on the accounting treatment of R&D expenditure are exacerbated by the lack of agreement among accounting standard setters on this topic.

Microsoft se belegging in navorsing en ontwikkeling het in 1997 met 34% gestyg na bykans \$2 biljoen wat 17% van hulle omset verteenwoordig (Sullivan, 1998:15). Volgens die *International R&D Scoreboard* het die wêreld se top 300 maatskappye se navorsings- en ontwikkelingskoste in 1998 met 12,8% tot \$216 biljoen toegeneem (Sullivan, 1998:15). Hierdie 12,8% groei was die grootste groeipersentasie in navorsings- en ontwikkelingskoste oor die afgelope agt jaar (1990 tot 1998). Wesenlike bedrae word aan navorsing en ontwikkeling spandeer en na verwagting sal beleggings in navorsing en ontwikkeling in die toekoms steeds toeneem. Sullivan (1998:15) maak die stelling dat beleggers nie nodig het om ure te spandeer om die balansstaat van maatskappye te ontleed om die aandeleprys te evalueer nie, maar dat :

a glance at just one line - research and development spending - can indicate what the share price will be next month, next year and even in five years. Expenditure on research and development is usually money well spent.

In hierdie hoofstuk word die verskillende rekeningkundige verantwoordingsmetodes van navorsings- en ontwikkelingskoste en die toepaslike Suid-Afrikaanse praktyke en dié van sekere van die vernaamste lande bespreek. Die volgende lande se standarde oor die verantwoording van navorsings- en ontwikkelingskoste word bespreek: die Verenigde State van Amerika, Kanada, die Verenigde Koninkryk, Nieu-Seeland, en Australië. Die rekeningkundige verantwoording van navorsings- en ontwikkelingskoste van al hierdie lande word gereguleer deur standpunte van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk.

4.2 EVALUERING VAN DIE ALTERNATIEWE REKENINGKUNDIGE VERANTWOORDING VAN NAVORSINGS- EN ONTWIKKELINGSKOSTE

In hoofstuk 3 is die omsigtigheids- en paringsbeginsel bespreek. In die geval van navorsings- en ontwikkelingskoste is hierdie beginsels in konflik. Die omsigtigheidsbeginsel vereis dat navorsings- en ontwikkelingskoste as uitgawe erken word, ten spyte daarvan dat die navorsing en ontwikkeling na verwagting langtermynvoordele tot gevolg sal hê, aangesien die bedrag en bepaling van

hierdie toekomstige voordele onseker is. In teenstelling met die omsigtigheidsbegrip, vereis die paringsbegrip dat navorsings- en ontwikkelingskoste gekapitaliseer word en later teen die toekomstige inkomste wat die koste tot gevolg het, erken word. Hierdie konflik tussen rekeningkundige beginsels, het die ontwikkeling en toepassing van verskillende rekeningkundige verantwoordingsmetodes vir navorsings- en ontwikkelingskoste tot gevolg.

Die volgende rekeningkundige verantwoordingsmetodes vir navorsings- en ontwikkelingskoste word bespreek :

- i. erkenning van alle navorsings- en ontwikkelingskoste as uitgawe wanneer aangegaan;
- ii. kapitalisering van alle navorsings- en ontwikkelingskoste as bate wanneer aangegaan;
- iii. erkenning van alle navorsings- en ontwikkelingskoste as uitgawe, tensy daar aan spesifieke kriteria voldoen word, in welke geval ontwikkelingskoste gekapitaliseer *moet* word; en
- iv. erkenning van alle navorsings- en ontwikkelingskoste as uitgawe, met die *keuse* om ontwikkelingskoste te kapitaliseer indien daar aan spesifieke kriteria voldoen word.

4.2.1 Erkenning van alle navorsings- en ontwikkelingskoste as uitgawes wanneer aangegaan

In teorie sal hierdie alternatief aanvaarbaar wees in situasies waar die koste wat aangegaan is nie na verwagting tot enige toekomstige voordele lei nie, waar daar 'n hoë mate van onsekerheid bestaan oor toekomstige voordele, of waar alle koste wat aangegaan is, verband hou met voordele wat met inkomste in die huidige periode verband hou.

Terwyl koste ten opsigte van sekere tipes navorsingsprojekte, byvoorbeeld basiese navorsingsprojekte, nie na verwagting tot toekomstige voordele sal lei

op die tydstip wanneer die koste aangegaan word nie, word daar wel verwag dat koste ten opsigte van ander projekte, byvoorbeeld ontwikkelingsprojekte, normaalweg sal lei tot toekomstige voordele. Dit is egter onwaarskynlik dat die verwagte voordele uit laasgenoemde projekte die onderneming in die huidige finansiële periode sal toeval aangesien die implementering van projekte baie tyd in beslag neem (McGregor, 1980:21).

Hierdie verantwoordingsmetode sal tot gevolg hê dat ondernemings minder aan navorsing en ontwikkeling bestee, sodat winsgewindheidsvlakke gehandhaaf kan word (Horwitz & Kolodny, 1980). SFAS2 (1974) is een van slegs enkele standaarde wat vereis dat navorsings- en ontwikkelingskoste, sonder uitsondering, as uitgawe erken word soos en wanneer die koste aangegaan word en word tans in die Verenigde State van Amerika toegepas. Die *Financial Accounting Standards Board* in die Verenigde State van Amerika gee die volgende redes in SFAS2 (Bylae B, par 38-50) waarom hierdie metode aanvaar is :

- *Onsekerheid van toekomstige voordele*

Daar is normaalweg 'n hoë graad van onsekerheid rakende die toekomstige voordele van individuele navorsings- en ontwikkelingsprojekte, alhoewel die element van onsekerheid kan verminder namate die projek vorder. Bylae B tot SFAS2 verwys na 'n studie van produknavorsing en -ontwikkeling wat tot die gevolgtrekking kom dat 'n gemiddeld van minder as 2% van nuwe produkidees en minder as 15% van produkontwikkelingsprojekte kommersieel suksesvol was. Die vlak van suksesvolle navorsingsprojekte is dus baie laag. Verder word bevind dat die sukseskoers laag bly, selfs nadat 'n projek verby die navorsing- en ontwikkelingstadium beweeg het en 'n nuwe of verbeterde projek of proses bemark of gebruik word.

Dukes en Bierman (1975, in De Waal, 1998:34) verskil van die FASB oor die vlak van onsekerhede wat met toekomstige voordele van navorsing

en ontwikkeling geassosieer word. Hulle argumenteer dat die FASB se definisie van risiko gebaseer is op die waarskynlikheid van mislukking en nie die vermindering van risiko, wat verkry word deur die uitoefening van 'n portefeulje van navorsing- en ontwikkelingsprojekte, in ag neem nie (De Waal, 1998:35).

Ander studies het meer optimistiese resultate gelewer. 'n Studie van Mansfield in 1972 (in Nix & Nix, 1992:63) het aangetoon dat 75% van die projekte wat geëvalueer is, se verwagte waarskynlikheid van sukses 80% of meer was. Van hierdie projekte was 44% tegnies suksesvol. Die hoë sukseskoers word toegeskryf aan die feit dat ondernemings as 'n reël nie begin met nuwe produk- en prosesontwikkelinge, voordat die belangrikste tegniese probleme opgelos is nie.

Die argument van die FASB oor die onsekerheid van toekomstige voordele is deur latere studies van onder andere Branch (1974), Ravenscraft en Scherer (1982), Hirschey en Weygandt (1985), en Ettredge en Publitz (1989), verwerp (studies in Ivory, 1992:26). Hierdie studies dui 'n verwantskap tussen navorsings- en ontwikkelingskoste en winsgewindheid aan en ondersteun die klassifikasie van hierdie bestedings as ontasbare bates eerder as uitgawes.

- *Afwesigheid van verwantskap tussen uitgawes en voordele*

'n Direkte verwantskap of beduidende korrelasie tussen navorsings- en ontwikkelingskoste en spesifieke toekomstige inkomste word nie gedemonstreer nie. SFAS2.43 meld dat nie alle ekonomiese hulpbronne van 'n onderneming as bates vir finansiële rekeningkundige doeleindes erken word nie. 'n Bate behoort nie vir rekeningkundige doeleindes erken te word nie, tensy die toekomstige ekonomiese voordele daarvan eerstens identifiseerbaar is en tweedens objektief gemeet kan word, op die tydstip wanneer dit verkry of ontwikkel word. Wanneer navorsings- en ontwikkelingskoste aangegaan word, is die toekomstige voordele onseker

en selfs indien die toekomstige voordele identifiseerbaar is, sal dit nie betroubaar gemeet kan word nie.

Die latere studies waarna in punt 1 verwys word het aangetoon dat daar wel 'n verwantskap tussen die uitgawes en toekomstige voordele, is. Nix en Nix (1992:63) maak die stelling dat dit irrasioneel vir 'n onderneming sal wees om navorsing- en ontwikkelingsprojekte te onderneem, indien toekomstige voordele nie gegenerer word nie.

Die bydrae van navorsings- en ontwikkelingskoste in totaal tot die toekomstige winsgewindheid van 'n onderneming is wesenlik, ten spyte daarvan dat sommige individuele projekte kan misluk, en dit kan nie geïgnoreer word, wanneer 'n toepaslike verantwoordingsmetode bepaal word nie.

- *Erkenning as bate*

Die FASB maak die gevolgtrekking dat navorsings- en ontwikkelingskoste nie aan die vereiste kriteria vir erkenning as bate, voldoen nie.

SFAS2 is reeds in 1974 uitgereik en is moontlik nie meer verteenwoordigend van tipiese navorsings- en ontwikkelingsprojekte nie. Soos aangetoon in hoofstuk 3, kan ontwikkelingskoste wel in sommige gevalle aan die erkenningskriteria van 'n bate voldoen. Dit is foutief om te veralgemeen dat ontwikkelingskoste nie aan die erkenningskriteria van 'n bate voldoen nie en gevolglik die kapitalisering van alle ontwikkelingskoste verbied.

- *Bruikbaarheid van inligting*

Twee van die basiese elemente in die besluitnemingsmodel van gebruikers van finansiële state is die *verwagte opbrengs* (die voorspelde bedrag en tydsberekening van die opbrengs op 'n belegging) en *risiko* (die onbestendigheid van die verwagte opbrengs). Die FASB het tot die

gevolgtrekking gekom dat die verwantskap tussen navorsings- en ontwikkelingskoste en die bedrag van verwante toekomstige voordele so onseker is dat kapitalisering van enige navorsings- en ontwikkelingskoste nie bruikbaar in die bepaling van die verdienstepotensiaal en verwagte opbrengs op belegging van 'n onderneming, is nie. Latere studies, byvoorbeeld 'n studie in 1987 deur Guerard, Bean en Andrews (in Nix & Nix, 1992:66), het 'n beduidende verwantskap tussen die belegging in navorsing en ontwikkeling, dividende en nuwe finansieringsbesluite, getoon. Dit is dus foutief om te veralgemeen dat die kapitalisering van ontwikkelingskoste onbetroubare inligting sal voorsien.

Dit is egter nie net in die Verenigde State van Amerika waar navorsings- en ontwikkelingskoste, sonder uitsondering, as uitgawe erken word soos en wanneer die koste aangegaan word nie. Die verbintenis van die Duitse industrie tot relatief hoë vlakke van navorsings- en ontwikkelingskoste, word nie in die rekeningkundige praktyke vir navorsings- en ontwikkelingskoste in Duitsland, gereflekteer nie. Die kapitalisering van ontwikkelingskoste word verbied, selfs indien toekomstige voordele duidelik gedefinieer word. Hierdie konserwatiewe beleid kan toegeskryf word aan die invloed van banke, wat 'n omsigtige verantwoordingsmetode nastreef. Die Duitse industrie het nog nie sterk beswaar gemaak teen hierdie verantwoordingsmetode nie, omdat die onmiddellike erkenning van navorsings- en ontwikkelingskoste as uitgawe, die belasbare wins en gevolglik die onmiddellike uitgawe aan belasting, verminder (Willmot, *et al.*, 1992:44). Die belastinghantering behoort egter nie die rekeningkundige verantwoording te bepaal of te oorheers nie.

Die voordele om navorsings- en ontwikkelingskoste onmiddellik as uitgawe te erken is die volgende :

- Dit is maklik om toe te pas en is goedkoop.
- Daar is onvermybare onsekerhede rakende die verhaalbaarheid van ontwikkelingskoste. Batty (1988:144) suggereer dat selfs in suksesvolle

besigheidsprojekte die sukseskoers nie meer as een uit drie is nie. In ooreenstemming met die omsigtigheidsbegrip, is hierdie benadering dus toepaslik.

- Wins bereken op grond van hierdie metode gee 'n beter aanduiding van die onderneming se vermoë om dividende te betaal.
- Praktiese probleme inherent aan die kapitaliseringsbenadering, byvoorbeeld subjektiewe oordeel om koste aan inkomste te koppel, word vermy.
- 'n Konsekwente rekeningkundige hantering van navorsings- en ontwikkelingskoste (binne die onderneming, sowel as tussen verskillende ondernemings) word bereik.

4.2.2 Kapitalisering van alle navorsings- en ontwikkelingskoste as bates wanneer aangegaan

Ondernemings onderneem navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite met die hoop om *toekomstige voordele* te genereer. Indien sodanige hoop nie bestaan nie, sal die aktiwiteite nie onderneem word nie. Die argument ten gunste van die kapitalisering van alle navorsings- en ontwikkelingskoste kan regverdigbaar wees, wanneer 'n onderneming se navorsing in *totaal* vir rekeningkundige doeleindes geëvalueer word. Wanneer positiewe toekomstige voordele verwag word van 'n onderneming se totale navorsingsprojek behoort, in teorie, alle koste gekapitaliseer te word. Die verwagte toekomstige voordele van individuele projekte word nie in ag geneem nie. (Badenhorst, 1985:11; Ivory, 1992:29; McGregor, 1980:21; SFAS2, par 51).

Vir rekeningkundige doeleindes word verwagte toekomstige voordele normaalweg geëvalueer met verwysing na individuele of verwante transaksies of projekte. Verder bestaan die totale navorsingsprogram uit verskeie projekte wat verskil in die stadium van voltooiing en die graad van onsekerheid op uiteindelijke sukses. Indien navorsings- en ontwikkelingskoste gekapitaliseer word op 'n onderneming-wye of totale basis, sal 'n betekenisvolle metode van

amortisasie nie bepaal kan word nie, omdat die periode van voordeel nie bepaalbaar is nie (SFAS2, par 52).

Gevolgtlik sal die evaluasie van die navorsingaktiwiteite van 'n onderneming in totaal, nie 'n betroubare beeld skep van die risikoprofiel van die navorsing en ontwikkeling wat onderneem word nie en minder relevante en betroubare inligting oplewer, as inligting wat verkry word deur individuele navorsingsprojekte te evalueer.

Die FASB het die kapitalisering van alle navorsings- en ontwikkelingskoste as verantwoordingsmetode, verwerp en tans word hierdie metode nie deur enige rekeningkundige standaard voorgeskryf nie.

4.2.3 Verpligte kapitalisering van ontwikkelingskoste

Wanneer navorsings- en ontwikkelingskoste vir rekeningkundige doeleindes op 'n individuele projekgrondslag verantwoord word, moet navorsingskoste onmiddellik as uitgawe erken word. Ontwikkelingskoste van projekte waarvan geen toekomstige voordele verwag word nie, of waarvan die verwagte voordele onseker is of in totaal gedurende die huidige tydperk verkry is, moet onmiddellik as uitgawe in die inkomstestaat erken te word. Ontwikkelingskoste van projekte wat na verwagting toekomstige voordele tot gevolg sal hê, *moet* uitgestel word en met toekomstige inkomste gepaar word (paringsbeginsel). Ontwikkelingskoste word dus selektief gekapitaliseer. Die kritieke faktor wanneer selektiewe kapitalisering plaasvind, is in welke mate toekomstige voordele op die tydstip wanneer die koste aangegaan word, verwag word.

Weens die onsekerhede wat verband hou met die toekomstige voordele wat navorsing en ontwikkeling inhou, word addisionele kriteria gestel waaraan voldoen moet word, voordat die kapitalisering van ontwikkelingskoste mag plaasvind. Hierdie addisionele kriteria poog om die tydstip wanneer 'n hoë graad van sekerheid ten opsigte van die verwagte toekomstige voordele bereik word,

te identifiseer. Hierdeur word die kapitalisering van ontwikkelingskoste dus beperk, ongeag of daar aan die definisie van 'n bate voldoen word of nie.

Nix en Nix (1992:55) ondersteun die kapitalisering van ontwikkelingskoste en maak die volgende stelling :

In support of capitalization of R&D costs and the matching principle, though the timing of benefits from R&D costs is uncertain, an appropriate allocation arguably is better than an immediate write-off. A subjective estimate of the value is better than an arbitrary write-off to no value.

Die subjektiewe raming waarna daar in die bogenoemde aanhaling verwys word, dui op die beduidende oordeel van bestuur wat vereis word wanneer spesifieke kriteria bepaal word waaraan ontwikkelingskoste moet voldoen, voordat kapitalisering daarvan behoort plaas te vind. Hierdie subjektiewe ramings sal slegs verbeterde rekeningkundige praktyke tot gevolg hê, indien behoorlike riglyne neergelê word. Riglyne moet gestel word om onder andere die tipe ontwikkelingskoste wat gekapitaliseer moet word en die tydstip waarop kapitalisering 'n aanvang moet neem, te bepaal. Hierdie riglyne behoort beter paring van koste en verwante inkomste tot gevolg te hê (Nix & Nix, 1992:55).

Brennan (1992:22) bevind dat die belangrikste lantermynbates van 'n innoverende maatskappy, geskoolde werknemers, die ontwikkeling van nuwe tegnologie, vervaardigingsooreenkomste, en bemerkings- en verspreidingsstelsels is. Hy maak die stelling dat ondernemings wat in tegnologie belê 'n kompeterende voordeel verkry en dat deurlopende innovasie vereis word om hierdie voordeel te behou, as gevolg van die tempo waarteen tegnologiese veranderinge plaasvind (sien hoofstuk 2). Hy kritiseer dan ook tradisionele finansiële state :

Conventional financial statements reveal little of the value built through product development and say nothing of a company's ability to market its products successfully. Financial statements do not recognize as assets the knowledge and skill level of the employees, training, technological development, technological

licencing agreements or marketing and distribution investments. All of these, however, are valuable to the company and necessary for its future success - they are its "invisible capital". When financial statements do not recognize invisible capital, investment in traditional industries appears more attractive than investment in innovative, knowledge-based companies. That is the wrong signal to give if we want to built a competitive country.

Navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite wat onderneem word, behoort dus volgens Brennan in die finansiële state van 'n onderneming as bate erken te word. Brennan (1992:23) kritiseer verder die huidige vereistes van CICA (1990) waaraan ontwikkelingskoste moet voldoen, voordat dit gekapitaliseer mag word. Hy bevind dat die huidige vereistes verhoed dat die meeste ondernemings enige ontwikkelingskoste kapitaliseer. Daar is verskeie vlakke van risiko betrokke wanneer navorsing in kommersiële produkte of -prosesse omskep word. Volgens Brennan behoort die vlak van risiko te bepaal of ontwikkelingskoste gekapitaliseer behoort te word, of nie.

In die praktyk is die opstellers van finansiële state teensinnig om ontwikkelingskoste as bate te erken. 'n Studie deur Gray in 1985 (in Nixon & Lonie, 1990:90) het getoon dat geeneen van die 510 maatskappye wat in die opname ingesluit is, die keuse uitgeoefen het om ontwikkelingskoste te kapitaliseer nie. 'n Meer onlangse studie deur Nixon (1997) het dieselfde resultate gelewer. Die akademiese argumente dat ontwikkelingskoste 'n bate is en gekapitaliseer moet word, word nie deur die opstellers van finansiële state ondersteun nie. Nixon en Lonie (1990:91) maak die stelling dat " a change in the perception of R&D as a cost rather than as a powerful strategic asset is long overdue."

Die volgende redes word aangevoer waarom maatskappye in die praktyk teensinnig is om ontwikkelingskoste te kapitaliseer :

- Die definisies van navorsing en ontwikkeling (sien ook hoofstuk 2) is te wetenskaplik en weerspieël nie die werklike proses van ontwikkeling nie. 'n Definisie van ontwikkeling wat nader verwant aan die fases van die

innovasieproses (raadpleeg die skematiese voorstelling in hoofstuk 2) en die produksiklus is, sal 'n redeliker weergawe van 'n onderneming se ontwikkelingsaktiwiteite wees en sal 'n meer akkurate ontleding van die tegniese, kommersiële en finansiële vooruitsigte van ontwikkelingsprojekte tot gevolg hê (Munson, 1987:26; Nixon, 1991:72; Letham, 1997:71).

- Maatskappye verkies om 'n konserwatiewe beleid in ooreenstemming met die omsigtigheidsbegrip te volg (Willmot, *et al*, 1992:44).
- Die voorbeeld van die onverwagse ineenstorting van Rolls-Royce in die vroeë sewentigerjare het die meeste finansiële analiste en beleggers verras. Finansiële analiste en beleggers het hulle onvermoë om die ramp te voorsien, grotendeels toegeskryf aan die feit dat ontwikkelingskoste op 'n spesifieke kontrak gekapitaliseer is, terwyl 'n meer omsigtige evaluering van die kommersiële en tegnologiese risiko's die onmiddellike afskrywing van die koste sou vereis het. Latere navorsing het egter getoon dat die navorsings- en ontwikkelingskoste nie werklik die probleem by Rolls-Royce was nie (Nixon & Lonie, 1990:90).
- Die addisionele kriteria waaraan ontwikkelingskoste moet voldoen, voordat kapitalisering mag plaasvind, is onprakties en het misleidende risiko-ontledings tot gevolg (Brennan, 1992:23).
- Die onmiddellike erkenning van die koste as uitgawe kan belastingvoordele vir die onderneming inhou (McGregor, 1980:41; Willmot, *et al*, 1992:44).
- Toekomstige ekonomiese voordele van ontwikkelingsprojekte is onseker (Blake, 1990:35; McGregor, 1980:41).
- Ouditeure ondersteun nie 'n beleid van kapitalisering van

ontwikkelingskoste nie, omdat die onmiddellike erkenning van ontwikkelingskoste as uitgawe, die ouditrisiko verminder (Nix & Nix, 1992:54).

Volgens die rekeningkundige raamwerk (sien hoofstuk 3) is die kapitalisering van ontwikkelingskoste, indien daar voldoen word aan die kriteria om as bate erken te word, konseptueel die mees korrekte rekeningkundige hantering (Badenhorst, 1985:27; Ivory, 1992:32). In die praktyk wil dit egter voorkom asof ondernemings verkies om navorsings- en ontwikkelingskoste onmiddellik as uitgawe te erken.

Die verpligte kapitalisering van ontwikkelingskoste is die huidige rekeningkundige praktyk in Suid-Afrika, Nieu-Seeland en Kanada en word ook deur die IASC vereis.

Die voordele om ontwikkelingskoste selektief te kapitaliseer is die volgende :

- Daar word aan die paringsbeginsel voldoen, aangesien ondernemings belê in ontwikkelingsprojekte om toekomstige geleenthede vir inkomste-verdienste te skep.
- Die bestuur kan gemotiveer word om in navorsings- en ontwikkelingsprojekte te belê, aangesien ontwikkelingskoste nie winste op die kort termyn gaan beïnvloed nie.
- Winstendense word nie versteur nie.
- Volgens die rekeningkundige raamwerk is die kapitalisering van ontwikkelingskoste, indien daar aan die erkenningskriteria as bate voldoen word, konseptueel die mees korrekte verantwoordingsmetode.

4.2.4 Keuse om ontwikkelingskoste te kapitaliseer

Hierdie verantwoordingsmetode vereis dat alle navorsingskoste onmiddellik as uitgawe erken word. Ontwikkelingskoste moet as uitgawe in die inkomstestaat erken word, tensy daar aan die erkenningskriteria van 'n bate en addisionele kriteria vir die erkenning van ontwikkelingskoste as bate, voldoen word, in welke

geval die onderneming die *keuse* het om die ontwikkelingskoste óf as bate óf as uitgawe te erken. Hierdie verantwoordingsmetode is voorgeskryf deur die oorspronklike IAS9, voordat die standpunt in 1995 hersien is. Cairns (1997:61) bevind dat baie min maatskappye in die praktyk die keuse uitgeoefen het om ontwikkelingskoste te kapitaliseer en dat maatskappye wat navorsings- en ontwikkelingskoste aangaan dit onmiddellik as uitgawe erken.

Ontwikkelingskoste wat wel aan die kapitaliseringskriteria voldoen, kan volgens hierdie metode steeds verantwoord word asof dit onsuksesvol was (Munson, 1987:26). Indien 'n onderneming die keuse uitoefen om nie ontwikkelingskoste te kapitaliseer nie, word 'n beleid gevolg om alle navorsings- en ontwikkelingskoste onmiddellik as uitgawe te erken en is die kritiek soos bespreek in punt 4.2.1 is ook op hierdie verantwoordingsmetode van toepassing. 'n Groot nadeel van hierdie verantwoordingsmetode is dat die vergelykbaarheid van finansiële state bemoeilik word.

Dit sal vir maatskappye in kleiner lande met beperkte finansiële hulpbronne en onderontwikkelde kapitaalmarkte moeiliker wees om hoë-risiko navorsing en ontwikkeling te onderneem, wat deur maatskappye in groter en beter ontwikkelde lande onderneem word. Die tipe navorsing en ontwikkeling wat kleiner lande sal onderneem, sal na verwagting weens die aard daarvan eerder toegepaste navorsing, as basiese navorsing wees. Nixon (1997:272) maak die stelling dat die kapitalisering van ontwikkelingskoste moontlik meer toepaslik vir sekere industrieë binne 'n land, byvoorbeeld die vervaardigingsektor, as vir ander industrieë, byvoorbeeld farmaseutiese- en elektroniese sektore, sal wees.

Die rekeningkundige raamwerk (RE000.39) vereis dat die meting en aanbieding van finansiële gevolge van soortgelyke transaksies en ander gebeurtenisse op 'n konsekwente wyse deur die onderneming en tussen verskillende ondernemings, hanteer word. Sodoende word die vergelykbaarheid van finansiële state bewerkstellig.

Die keuse om ontwikkelingskoste te kapitaliseer is die huidige rekeningkundige praktyk in die Verenigde Koningryk, Australië en Ierland.

4.2.5 Harmonisering van die verantwoordings- en ontwikkelingskoste

Daar is tans nie ooreenstemming oor die beste verantwoordingsmetode vir navorsings- en ontwikkelingskoste nie. Verskille word waarskynlik veroorsaak deur 'n verskeidenheid van sosiale, ekonomiese en regsomstandighede en deurdat verskillende lande die behoeftes van verskillende gebruikers van finansiële state by die neerlê van nasionale vereistes, in gedagte het (RE000, Voorwoord). Een van die hoofdoelwitte van die Internasionale Komitee vir Rekeningkundige Standaarde (IASC) is die vermindering van hierdie verskille deur die regulasies, rekeningkundige standaarde en prosedures vir die opstel en aanbieding van finansiële state met mekaar in ooreenstemming te bring (RE000, Voorwoord). Daar is dus 'n behoefte om rekeningkundige standaarde in verskillende lande te harmoniseer.

Die Verenigde State van Amerika en ander lande ondervind verskeie probleme met die verantwoordings- en ontwikkelingskoste. Die verskillende verantwoordingsmetodes tussen lande het tot gevolg dat betekenisvolle vergelykings tussen maatskappye in verskillende lande nie gemaak kan word nie. Die keuse van 'n kapitaliseringsbeleid verminder die vergelykbaarheid van maatskappye binne 'n land. Letham (1997:71) maak die volgende stelling :

Accounting standards should seek to advocate, in normal circumstances, only one method of treating particular items in financial statements. Choice does not aid consistency or comparability between sets of accounts.

Nix en Nix (1992:75) erken dat die vereistes van SFAS2 ontoepaslik is en dat die huidige finansiële verantwoordingsvereistes in die Verenigde State van Amerika hersien behoort te word, aangesien navorsings- en ontwikkelingskoste 'n wesenlike bedrag is, toekomstige tydperke bevoordeel en duidelik aan die

definisie van 'n bate voldoen. Die volgende gevolgtrekking word gemaak :

In more and more industries, research and development is becoming the dominant asset. The accounting rules have not kept pace with adequately disclosing and capitalising this cost. It is in both the investor's interest (in terms of rational decision making) and the accounting profession's (in terms of responsibility to society and reputation) to reconsider the accounting for R&D costs on the financial statements and the amount of detail disclosed in notes to the statements. Corporate reporting of R&D can be improved in two ways : by disclosing more information about R&D spending and activities and by recognizing probable successful development expenditure as an asset that will give future benefits.

4.2.6 Tekortkominge van huidige rekeningkundige praktyke

Die volgende algemene tekortkominge van huidige praktyke met betrekking tot die finansiële verantwoording van navorsings- en ontwikkelingskoste is geïdentifiseer :

- paring van inkomste en verwante koste word nie bereik nie;
- navorsing en ontwikkeling is 'n wesentliche bate wat nie as sodanig in finansiële state aangebied word nie;
- die openbaarmaking en aanbieding van navorsings- en ontwikkelingskoste het nie tred gehou met die toenemende belangrikheid (sien ook hoofstuk 2) daarvan nie;
- die metodes wat gebruik word in die verantwoording van navorsings- en ontwikkelingskoste verteenwoordig nie 'n realistiese weergawe van 'n onderneming se navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite nie;
- die indruk word geskep dat maatskappye wat nie navorsing en ontwikkeling onderneem nie, beter oor die kort termyn presteer; en
- die werklike waarde van "invisible capital" (insluitend navorsings- en ontwikkelingskoste) word nie in die finansiële state van innoverende ondernemings getoon nie (Brennan, 1992:24).

4.3 SUID-AFRIKAANSE STANDAARDE OOR NAVORSINGS- EN ONTWIKKELINGSKOSTE

4.3.1 Inleiding

Voor 1994 was daar geen Suid-Afrikaanse rekeningkundige standpunt oor spesifiek die rekeningkundige verantwoording en openbaarmaking van navorsings- en ontwikkelingskoste nie. Die uitreiking van RE122, *Navorsings- en Ontwikkelingskoste*, in 1994 was die eerste rekeningkundige standpunt in Suid-Afrika wat spesifiek riglyne neergelê het vir die verantwoording en openbaarmaking van navorsings- en ontwikkelingskoste. Die Suid-Afrikaanse rekeningkundige standpunte van AARP is om verskillende redes gesaghebbend (sien ook hoofstuk 3). Die volgende Suid-Afrikaanse rekeningkundige standpunte is tans op navorsings- en ontwikkelingskoste van toepassing :

- RE122, *Navorsings- en Ontwikkelingskoste*, (Februarie 1994);
- RE129, *Ontasbare Bates*, (Junie 1999); en
- RE128, *Waardedaling van Bates*, (Junie 1999).

4.3.2 RE122, Navorsings- en ontwikkelingskoste

Suid-Afrikaanse standpunt RE122 is uitgereik in Februarie 1994 en is van toepassing op finansiële state wat alle tydperke dek wat op of na 1 Januarie 1994 begin. In Junie 1999 is RE129, *Ontasbare Bates*, uitgereik wat RE122 op 1 Januarie 2000, sal vervang. RE122 is gebaseer op die internasionale standpunt, IAS9 (hersien 1993), en daar is geen beginselsake in die Suid-Afrikaanse standpunt wat van dié in die internasionale standaard verskil nie.

Die standpunt behoort deur alle ondernemings in die rekeningkundige verantwoording van navorsings - en ontwikkelingskoste toegepas te word, vir die tydperk 1 Januarie 1994 tot 31 Desember 1999. Dit is egter nie van toepassing op die koste van opsporing en ontginning van olie-, gas- en mineraalheerslae in

nywerhede nie. Dit is wel van toepassing op die koste van ander navorsings - en ontwikkelingsbedrywighede (RE122.03).

Navorsings- en ontwikkelingsbedrywighede kan op kontrak vir 'n ander onderneming uitgevoer word. Wanneer die wese van die ooreenkoms sodanig is dat die risiko's en voordele wat met die navorsings- en ontwikkelingsbedrywighede verband hou aan 'n ander party oorgedra is of sal word, doen die onderneming wat die navorsing en ontwikkeling doen rekeningkundige verantwoording van die koste in ooreenstemming met die standpunt oor voorraad (RE108, 1995) of die standpunt oor konstruksiekontrakte (RE109, 1995). Die ontvanger van die risiko's en voordele verantwoord sy eie koste in ooreenstemming met die vereistes van hierdie standpunt (RE122.05).

Wanneer die wese van die ooreenkoms egter sodanig is dat die risiko's en voordele wat met die navorsings - en ontwikkelingsbedrywighede verband hou, nie aan 'n ander oorgedra is of sal word nie, volg die onderneming wat die navorsing en ontwikkeling doen, rekeningkundige verantwoording in ooreenstemming met hierdie standpunt. Faktore wat daarop dui dat risiko's en voordele van navorsings - en ontwikkelingsbedrywighede nie aan 'n ander party oorgedra is nie, sluit die volgende in (RE122.06) :

- Die onderneming wat die navorsings - en ontwikkelingsbedrywighede uitvoer, is kontraktueel verplig om ongeag die resultaat van die navorsing, enige van die fondse terug te betaal wat die ander onderneming verskaf het, byvoorbeeld 'n navorsingslening van die WNNR ontvang.
- Selfs al vereis die kontrak nie dat die onderneming wat die navorsings - en ontwikkelingsbedrywighede uitvoer enige van die fondse terugbetaal wat die ander onderneming verskaf het nie, kan terugbetaling na die keuse van die ander onderneming vereis word, of die omringende omstandighede kan daarop dui dat terugbetaling waarskynlik is.

4.3.2.1 Definisies

Die definisies van navorsing en ontwikkeling soos in paragraaf 7 van RE122 weergegee, is die volgende :

Navorsing is oorspronklike en beplande ondersoekwerk wat onderneem word met die doel om nuwe wetenskaplike of tegniese kennis en begrip te behou.

Ontwikkeling is die toepassing van die navorsingsbevindinge of ander kennis op 'n plan of ontwerp vir die produksie van nuwe of beduidend beter materiale, middele, produkte, prosesse, stelsels of dienste voor die aanvang van kommersiële produksie of gebruik.

Bogenoemde definisies is gebaseer op die Frascati definisies vir basiese, en toegepaste navorsing en ontwikkeling en word gekritiseer as te eng en beperkend en word hoofsaaklik met wetenskaplike laboratoriums geassosieer. Raadpleeg die bespreking van hierdie definisies in hoofstuk 2.

4.3.2.2 Navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite

Vir rekeningkundige doeleindes is dit belangrik dat 'n onderskeid gemaak word tussen navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite. Navorsings- en ontwikkelingsbedrywighede hang gewoonlik af van die tipe besigheid, hoe die besigheid georganiseer is en die tipe projekte wat onderneem word. Die volgende aktiwiteite word volgens RE122.09 algemeen by *navorsing* ingesluit :

- i. bedrywighede wat op die verwerwing van nuwe kennis gemik is;
- ii. die soeke na toepassings vir navorsingsbevindinge of ander kennis;
- iii. die soeke na produk- of prosesalternatiewe; en
- iv. die formulering en ontwerp van moontlike nuwe of beter produk- of prosesalternatiewe.

Aktiwiteite wat algemeen by *ontwikkeling* ingesluit is (RE122.10), sluit die volgende in :

- i. die evaluering van produk- of prosesalternatiewe;
- ii. die ontwerp, konstruksie en toetsing van voorproduksieprototipes en modelle;
- iii. die ontwerp van toerusting, setapparate, gietvorms en vormblokke waarby nuwe tegnologie betrokke is; en
- iv. die ontwerp, konstruksie en bedryf van 'n loodsaanleg.

Die standpunt lys ook die volgende bedrywighede wat nou verwant kan wees aan navorsing en ontwikkeling, maar wat nóg navorsing nóg ontwikkeling is :

- i. geniëringsdeurloop in 'n vroeë fase van kommersiële produksie;
- ii. kwaliteitsbeheer tydens kommersiële produksie, met inbegrip van roetinetoetsing van produkte;
- iii. foutopsporing ten opsigte van onklaarrakings tydens kommersiële produksie;
- iv. roetinepogings om die kenmerke van 'n bestaande produk te verfyn, te verryk of andersins te verbeter;
- v. aanpassing van 'n bestaande vermoë by 'n spesifieke vereiste of klant se behoefte as deel van 'n volgehoue kommersiële besigheid;
- vi. seisoens- of ander periodieke ontwerpveranderings aan bestaande produkte;
- vii. roetine ontwerp van toerusting, setapparate, gietvorms en vormblokke; en
- viii. bedrywighede, insluitend ontwerp- en konstruksiegeniëring, wat verband hou met die konstruksie, hervestiging, herrangskikking of inwerkingstelling van fasiliteite of toerusting, buiten fasiliteite of toerusting wat uitsluitlik vir 'n bepaalde navorsings- en ontwikkelingsprojek gebruik word.

Die gebruik van die woord *algemeen* by aktiwiteite wat by navorsing en ontwikkeling ingesluit is, dui daarop dat die klassifikasie van die genoemde

voorbeeld nie noodwendig vas is nie, maar dat die aard van die navorsing, die tipe besigheid, tipe projek, ensovoorts steeds in ag geneem moet word. Die genoemde voorbeelde dien egter as 'n nuttige gids, maar moet nie beskou word as absoluut nie. Byvoorbeeld, die evaluasie van 'n produk- of prosesalternatief kan in sekere omstandighede beskou word as navorsing, byvoorbeeld indien die aktiwiteit spekulatief is met onsekere kommersiële toepassings. (Hemus, Wingard, Van Wijk & Becker, 1999:347).

4.3.2.3 Navorsings- en ontwikkelingskoste

Navorsings- en ontwikkelingskoste behoort alle koste in te sluit wat direk aan navorsings- en ontwikkelingsbedrywighede toeskryfbaar is of wat op 'n redelike grondslag aan sodanige bedrywighede toegewys kan word (RE122.12). Die volgende koste word ingesluit by navorsings- en ontwikkelingskoste :

- i. die salarisse, lone en ander diensverwante koste van personeel wat by navorsings- en ontwikkelingsbedrywighede betrokke is;
- ii. die koste van materiale en dienste wat in navorsings- en ontwikkelingsbedrywighede verbruik word;
- iii. die depresiasie van eiendom, aanleg en toerusting in die mate dat hierdie bates vir navorsings- en ontwikkelingsbedrywighede gebruik word;
- iv. drakoste, behalwe algemene administratiewe koste, wat met navorsings- en ontwikkelingsbedrywighede verband hou en wat toegewys word op dieselfde grondslag as wat in die toewysing van drakoste aan voorraad gebruik word; en
- v. ander koste, soos amortisering van patente en lisensies, in die mate dat daardie bates vir navorsings- en ontwikkelingsbedrywighede gebruik word.

Verkoopkoste en algemene administratiewe koste word nie by navorsings- en ontwikkelingskoste ingesluit nie. Leenkoste sal slegs by ontwikkelingskoste ingesluit word, indien dit die beleid van die onderneming is om leenkoste in

terme van RE114 te kapitaliseer (RE122.14).

4.3.2.4 Erkenning van navorsings- en ontwikkelingskoste

Die toewysing van koste aan verskillende rekeningkundige tydperke word bepaal deur die verhouding tussen die koste en ekonomiese voordele wat die onderneming na verwagting uit die onderliggende bedrywighede sal put.

Erkenning van navorsingskoste

RE122.16 vereis dat *navorsingskoste* as 'n uitgawe erken word in die tydperk waarin dit aangegaan is.

Dit impliseer egter nie dat die navorsing geen voordele vir die onderneming inhou nie. Dit is slegs 'n aanduiding dat die koste, volgens RE000, nie voldoen aan die kriteria om as bate erken te word nie, omdat daar nie voldoende sekerheid bestaan dat die spesifieke navorsingskoste toekomstige ekonomiese voordele inhou nie.

Daar moet besef word dat dit nie altyd prakties moontlik is om die voordele wat verkry word uit die aangaan van navorsingskoste aan 'n spesifieke rekeningkundige periode te koppel nie. Daarom is die mees aanvaarbare rekeningkundige hantering om die koste as uitgawe te erken wanneer dit aangegaan is.

Dit is wel moontlik dat daar in toekomstige jare 'n direkte verband gelê kan word tussen die ekonomiese voordele wat na die onderneming gevloei het en 'n spesifieke navorsingsprojek, maar dit is egter van geen waarde wanneer die finansiële state vir die periode waarin die navorsingskoste aangegaan is, voorberei word nie. Hoewel daar wel geantisipeer kan word dat die navorsing (basiese en toegepaste navorsing) tot toekomstige ekonomiese voordele sal lei, is daar op die tydstip wanneer die navorsingskoste aangegaan word geen waarborg dat dit wel die geval sal wees nie.

Erkenning van ontwikkelingskoste

Ontwikkelingsaktiwiteit is van so 'n aard dat die onderneming met groter sekerheid kan bepaal wat die waarskynlikheid is dat toekomstige ekonomiese voordele sal realiseer, as by navorsingsaktiwiteit. Die rede hiervoor is omdat die projek in 'n meer gevorderde stadium is tydens ontwikkeling, as wat die geval is met navorsing en dat die lewensvatbaarheid van toekomstige markte vir die produk meer seker is.

RE122.18 vereis dat ontwikkelingskoste as 'n uitgawe erken moet word in die tydperk waarin dit aangegaan is, tensy daar aan al die volgende vereistes voldoen word :

- i. Die produk of proses is duidelik omskryf en die koste toeskryfbaar aan die produk of proses kan afsonderlik geïdentifiseer en betroubaar gemeet word.
- ii. Die tegniese uitvoerbaarheid van die produk of proses aangetoon kan word.
- iii. Die onderneming is van voorneme om die produk of proses te produseer en te bemark, of te gebruik.
- iv. Die nut van die produk of proses vir die onderneming kan aangetoon word omdat daar 'n mark daarvoor is of omdat dit intern gebruik gaan word in plaas van om verkoop te word.
- v. Daar is toereikende bronne, of die beskikbaarheid daarvan kan gedemonstreer word, om die projek af te handel en die produk of proses te bemark of te gebruik.

Volgens RE000 behoort ontwikkelingskoste nie net aan die definisie en erkenningkriteria van 'n bate, te voldoen voordat dit as 'n bate erken word nie, maar RE122 stel addisionele vereistes waaraan die koste moet voldoen, voordat kapitalisering mag plaasvind. Die standpunt volg dus 'n omsigtige benadering om te verseker dat bates (ontwikkelingskoste) nie oorstateer word nie.

Die toepassing van bogenoemde kapitaliseringskriteria hang grotendeels af van die oordeel van die bestuur van 'n onderneming. Oordeel word nie noodwendig dieselfde deur verskillende persone toegepas nie en gevolglik kan verskillende rekeningkundige verantwoordingsmetodes vir ontwikkelingskoste van soortgelyke ontwikkelingsaktiwiteite, toegepas word. Die rekeningkundige verantwoording van ontwikkelingskoste kan gevolglik subjektief wees.

Indien daar dus aan bogenoemde vereistes voldoen word, *moet* ontwikkelingskoste as bate erken word. Dit is duidelik dat ontwikkelingskoste in terme van die rekeningkundige raamwerk (RE000.49) aan die definisie van 'n bate voldoen, naamlik 'n hulpbron wat deur die onderneming beheer word as gevolg van gebeurtenisse in die verlede en wat na verwagting toekomstige ekonomiese voordele vir die onderneming inhou (sien hoofstuk 3).

Verder vereis die standpunt dat waar ontwikkelingskoste aanvanklik as 'n uitgawe erken is, met ander woorde daar is nie aan bogenoemde kriteria vir kapitalisering voldoen nie, die koste nie in 'n daaropvolgende tydperk as 'n bate erken kan word nie.

Die feit dat RE122 nie die gebruik van alternatiewe rekeningkundige metodes vir ontwikkelingskoste toelaat nie, verhoog die vergelykbaarheid van finansiële inligting en gevolglik die waarde en bruikbaarheid daarvan vir gebruikers.

4.3.2.5 Amortisering van ontwikkelingskoste

Die bedrag van ontwikkelingskoste wat as bate erken word, behoort geamortiseer en as 'n uitgawe erken te word. Dit behoort te geskied op 'n stelselmatige grondslag wat die patroon weerspieël waarvolgens die verwante ekonomiese voordele erken word (paringsbeginsel) (RE122.25).

Weens die aard van ontwikkelingsbedrywighede kan die verhouding tussen ontwikkelingskoste en ekonomiese voordele gewoonlik net naastenby of indirek

bepaal word. RE122.26 stel die volgende basisse vir die amortisering van ontwikkelingskoste voor :

- die inkomste of ander voordele uit die verkoop of gebruik van die produk of proses; of
- die tydperk waartydens die produk of proses na verwagting verkoop of gebruik gaan word.

Wanneer ontwikkelingskoste geamortiseer word met verwysing na die verkoop of gebruik van produkte of prosesse, het dit tot gevolg dat die koste wat aanvanklik erken word, laag is (die produk of proses het nog nie die verwagte marktaandeel bereik nie); wanneer die marktaandeel gemaksimeer word, is die koste wat erken word hoog, waarna die koste wat erken word daal namate die produk na die einde van sy lewensiklus beweeg. Hierdie metode van amortisering blyk dus baie pragmaties te wees. Die gebruik van die reguitlynmetode vir die amortisering van ontwikkelingskoste oor die tydperk wat die produk of proses verwag word om verkoop of gebruik te kan word, is dus 'n meer aanvaarbare metode.

Die tydperk waarvoor ontwikkelingskoste geamortiseer word, moet omsigtig bepaal word. Onsekerhede word geskep deur tegnologiese en ekonomiese veroudering wat gevolglik 'n beperking plaas op die periode waartydens amortisering behoort plaas te vind. Verder is dit ook moeilik om toekomstige voordele op die lang termyn te beraam. RE122.27 beveel aan dat ontwikkelingskoste oor 'n tydperk van hoogstens vyf jaar geamortiseer word (omsigtigheidsbegrip).

Die kapitalisering van ontwikkelingskoste kan veroorsaak dat gekapitaliseerde koste aan 'n ander bate, byvoorbeeld voorraad, toegewys word. Ontwikkelingskoste wat op hierdie wyse aan 'n ander bate toegewys word, sal as 'n uitgawe erken word op die tydstip wanneer koste van daardie bates erken word. Waar ontwikkelingkoste byvoorbeeld toegewys is na voorraad, sal die ontwikkelings-

koste effektief slegs erken word as uitgawe wanneer die voorraad verkoop word en die verwante koste na koste van verkope oorgedra word.

4.3.2.6 Openbaarmakingsvereistes

RE122.34 vereis dat die volgende in die finansiële state openbaar word :

- die rekeningkundige beleid wat vir navorsings- en ontwikkelingskoste aanvaar is;
- die bedrag van navorsings- en ontwikkelingskoste wat in die tydperk as uitgawe erken is;
- die amortiseringmetodes wat gebruik is;
- die nutsduur of amortiseringkoerse wat gebruik is;
- besonderhede van ontwikkelingskoste wat oor meer as vyf jaar geamortiseer word;
- die totale bedrae van ontwikkelingskoste en die totale bedrae wat teen die bates wat erken is, voorsien of afgeskryf is; en
- 'n rekonsiliasie van die saldo van ongeamortiseerde ontwikkelingskoste aan die begin en die einde van die tydperk waarin die volgende getoon word :
 - ontwikkelingskoste wat as bate gekapitaliseer is;
 - ontwikkelingskoste wat as uitgawe erken is;
 - ontwikkelingskoste wat aan ander baterekeninge toegedeel is;
 - bedrae wat as bates teruggeskryf is; en
 - ander rekonsiliasie-items, waar van toepassing.

RE122.35 moedig ook ondernemings aan om 'n beskrywing van hulle navorsings- en ontwikkelingsbedrywighede by die finansiële state in te sluit. Hierdie aanvullende inligting behoort die bruikbaarheid van inligting oor navorsing en ontwikkeling te verhoog en nuttige inligting aan die gebruikers van finansiële state te verskaf om hulle in die besluitnemingsproses te help. Goodacre (1991:79) bevind dat finansiële analiste die toepaslike openbaarmaking van navorsings- en ontwikkelingskoste meer belangrik ag, as

die rekeningkundige verantwoordingsmetode daarvan.

4.3.3 RE129, Ontasbare bates

RE129, *Ontasbare Bates*, is Junie 1999 uitgereik en handel oor die rekeningkundige verantwoording van ontasbare bates. Die standpunt vereis dat 'n onderneming 'n ontasbare bate erken slegs indien aan sekere maatstawwe voldoen word. Die meting van die drabedrag van 'n ontasbare bate en die openbaarmakingsvereistes daarvan word ook aangespreek. Die standpunt tree in werking vir finansiële state wat tydperke dek wat op of na 1 Januarie 2000 begin en sal RE122, *Navorsings- en Ontwikkelingskoste*, vervang.

4.3.3.1 Definisies

Die volgende definisies is van toepassing (RE129.08) :

'n *Ontasbare bate* is 'n identifiseerbare niemonetêre bate sonder fisiese substansie wat gehou word vir gebruik in die produksie of verskaffing van goedere of dienste, vir die verhuring aan ander, of vir administratiewe doeleindes.

Navorsing is oorspronklike en beplande ondersoek wat onderneem word met die vooruitsig om nuwe wetenskaplike of tegniese kennis en begrip te bekom.

Ontwikkeling is die toepassing van navorsingsbevindings of ander kennis op 'n plan of ontwerp vir die produksie van nuwe of aansienlik beter materiale, toestelle, produkte, prosesse, stelsels of dienste voor die aanvang van kommersiële produksie of gebruik.

'n *Aktiewe mark* is 'n mark waarin al die volgende toestande bestaan :

- die items wat in die mark verhandel word, is homogeen;
- bereidwillige kopers en verkopers kan gewoonlik te eniger tyd gevind word; en
- pryse is aan die publiek beskikbaar.

'n *Waardedalingsverlies* is die bedrag waarmee die drabedrag van

'n bate die verhaalbare bedrag daarvan oorskry.

Die definisies van navorsing en ontwikkeling is dieselfde as in RE122. Die kritiek op die definisies soos bespreek in punt 4.3.2.1 en in hoofstuk 2 is gevolglik ook op die definisies van navorsing en ontwikkeling in RE129 van toepassing.

4.3.3.2 Ontasbare bates

Volgens Egginton (1990:193) is die verantwoordings van ontasbare bates een van die moeilikste probleme in finansiële verslagdoening. Hy bevind verder dat veranderinge in die ekonomiese omgewing tot gevolg het dat ontasbare bates 'n belangrike en kontroversiële element in finansiële jaarstate is.

Die definisie van 'n ontasbare bate voldoen aan die vereistes vir die erkenning van 'n bate in die finansiële state volgens die rekeningkundige raamwerk (RE000).

Die afsonderlike elemente van die definisie word nou kortliks bespreek (RE129.11-129.18) :

Identifiseerbaarheid. Die definisie van 'n ontasbare bate vereis dat 'n ontasbare bate identifiseerbaar moet wees ten einde dit duidelik van klandisiewaarde te onderskei. 'n Ontasbare bate kan van klandisiewaarde onderskei word indien die bate skeibaar is. 'n Bate is skeibaar indien die onderneming die spesifieke toekomstige ekonomiese voordele wat aan die bate toeskryfbaar is, kan verhuur, verkoop, verruil of versprei. Skeibaarheid is egter nie 'n voorvereiste vir identifiseerbaarheid nie. 'n Ontasbare bate kan op 'n ander wyse identifiseer word, byvoorbeeld indien wettige regte oorgedra of geskep word kan die onderneming hierdie regte gebruik om 'n ontasbare bate te identifiseer.

Beheer. 'n Onderneming beheer 'n bate wanneer die onderneming die toekomstige ekonomiese voordele wat die bate tot gevolg sal hê gaan verkry en die toegang van ander partye tot daardie voordele kan beperk. Die vermoë van die onderneming om die toekomstige voordele met betrekking tot 'n ontasbare

bate te beheer, kan regtens afdwingbaar wees. Dit is egter nie 'n vereiste vir beheer dat dit wel regtens afdwingbaar moet wees nie.

Toekomstige ekonomiese voordele. Dit sluit in ontvangste of inkomste uit die verkoop van die produkte of dienste, kostebesparings of ander voordele vir die onderneming self as gevolg van die gebruik van die ontasbare bate, byvoorbeeld kostebesparings as gevolg van die implementering van 'n nuwe of verbeterde proses.

Dit blyk dat navorsings - en ontwikkelingskoste aan die definisie en die vereiste kriteria van 'n ontasbare bate voldoen. Die rekeningkundige verantwoording van navorsings - en ontwikkelingskoste behoort gevolglik in ooreenstemming te wees met die rekeningkundige verantwoording van ander ontasbare bates (konsekwentheid en vergelykbaarheid).

4.3.3.3 Erkenning en aanvanklike meting van 'n ontasbare bate

Indien 'n item wat deur hierdie standpunt gedek word nie aan die omskrywing van 'n ontasbare bate voldoen nie, word die uitgawes wat aangegaan is om dit te verkry of self te ontwikkel, as uitgawe erken op die tydstip toe dit aangegaan is (RE129.10).

'n Ontasbare bate behoort volgens RE129.19-20 slegs erken te word, indien :

- i. die item aan die omskrywing van 'n ontasbare bate voldoen;
- ii. dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele wat aan die bate toeskryfbaar is, na die onderneming sal vloei; en
- iii. die kosprys van die bate betroubaar gemeet kan word.

Punte ii en iii is die normale erkenningsmaatstawwe van 'n bate in terme van RE000.89. 'n Ontasbare bate behoort aanvanklik teen die kosprys gemeet te word (RE129.23).

Die standpunt maak 'n onderskeid tussen *intern gegenerende ontasbare bates* en *ander ontasbare bates*. Navorsing en ontwikkeling wat 'n onderneming onderneem, val onder intern gegenerende ontasbare bates, terwyl patente, handelsmerke en kopieregte as ander ontasbare bates geklassifiseer sal word. Pearce (1994:97) beklemtoon dat ontasbare bates van klandisiewaarde onderskei moet word en dat afsonderlike verantwoording en openbaarmaking daarvan moet geskied.

4.3.3.4 Navorsings- en ontwikkelingskoste

Die standpunt lys verskeie voorbeelde van *navorsingsaktiwiteite* en *ontwikkelingsaktiwiteite* (RE129.45-48). Hierdie voorbeelde stem grotendeels ooreen met die voorbeelde van navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite wat in RE122 genoem word (sien punt 4.3.2.3).

Die standpunt erken dat dit soms moeilik is om te oordeel of intern gegenerende ontasbare bates (navorsings- en ontwikkelingskoste) vir erkenning kwalifiseer. Dit is spesifiek moeilik om :

- te bepaal of, en die tydstip waarop, daar 'n identifiseerbare bate is wat waarskynlik toekomstige ekonomiese voordele sal genereer; en
- die kosprys van die bate betroubaar te raam (RE129.40).

Ondernemings moet die generering van 'n bate in 'n navorsingsfase en ontwikkelingsfase klassifiseer, om te bepaal of daar aan die maatstawwe van erkenning voldoen word.

Navorsingsfase. Geen ontasbare bate wat uit die navorsing (of die navorsingsfase van 'n interne projek) voortspruit, behoort erken te word nie. Uitgawes aan navorsing behoort as 'n uitgawe erken te word wanneer dit aangegaan word (RE129.43).

Ontwikkelingsfase. 'n Ontasbare bate wat ontstaan uit die ontwikkeling (of uit die ontwikkelingsfase van 'n interne projek), behoort volgens RE129.46 slegs erken te word indien 'n onderneming die volgende kan bewys :

- i. die tegniese uitvoerbaarheid van die voltooiing van die ontasbare bate sodat dit vir gebruik of verkoop beskikbaar sal wees;
- ii. sy voorneme om die ontasbare bate te voltooi, te gebruik of te verkoop;
- iii. sy vermoë om die ontasbare bate te gebruik of te verkoop;
- iv. hoe die ontasbare bate waarskynlik toekomstige ekonomiese voordele sal genereer (Die onderneming moet onder andere kan bewys dat daar 'n mark vir die uitset van die ontasbare bate of die bate self is, of indien die bate intern gebruik gaan word, die nut van die ontasbare bate kan bewys.);
- v. die beskikbaarheid van toereikende tegniese, finansiële en ander middele om die ontwikkeling af te handel en om die ontasbare bate te verkoop of te gebruik; en
- vi. sy vermoë om die uitgawe toeskryfbaar aan die ontasbare bate tydens ontwikkeling betroubaar te meet.

RE129.42 vereis ook dat indien daar nie 'n onderskeid gemaak kan word tussen die navorsingsfase en die ontwikkelingsfase van 'n interne projek om 'n ontasbare bate te skep nie, alle uitgawes op die projek geag word asof dit slegs in die navorsingsfase aangegaan is.

Uitgawes aan 'n ontasbare bate wat aanvanklik as 'n uitgawe erken is, behoort nie op 'n later datum as deel van die koste van 'n ontasbare bate erken te word nie (RE129.60).

Die koste van 'n intern gegenereerde ontasbare bate behels alle uitgawes wat direk op 'n redelike en konsekwente grondslag aan die skepping, produksie en voorbereiding van die bate vir sy voorgenome gebruik toegeskryf of toegewys kan word (RE129.55). Die standpunt lys die volgende voorbeelde van koste wat

deel van die kosprys van 'n ontasbare bate sal wees :

- uitgawes aan materiale en dienste wat in die generering van die ontasbare bate gebruik of verbruik word;
- die salarisse, lone en ander diensverwante koste van personeel wat direk by die generering van die bate betrokke is;
- enige uitgawes wat direk aan die generering van die bate toeskryfbaar is, soos gelde om 'n wettige aanspraak te registreer en die amortisasie van patente en lisensies wat gebruik word om die bate te genereer; en
- bokoste wat nodig is om die bate te genereer en wat op 'n redelike en konsekwente grondslag aan die bate toegewys kan word.

Die volgende is volgens RE129.56 nie komponente van die kosprys van 'n intern gegeneerde bate nie :

- verkoops-, administrasie-, en ander algemene bokoste-uitgawes, tensy hierdie uitgawes direk aan die voorbereiding vir gebruik van die produk toegeskryf kan word;
- duidelik identifiseerbare ondoeltreffendhede en aanvanklike bedryfsverliese aangegaan voordat 'n bate die beplande prestasie bereik; en
- uitgawes om personeel op te lei om die bate te gebruik.

4.3.3.5 Meting na aanvanklike erkenning en amortisasie van ontasbare bates

Die standpunt laat die volgende twee metodes toe om ontasbare bates na die aanvanklike erkenning te meet :

- i. *Normbehandeling.* Na aanvanklike erkenning as 'n bate behoort 'n ontasbare bate teen sy kosprys minus enige opgelope amortisasie en opgelope waardedalingsverliese erken te word (RE129.64).
- ii. *Toegelate alternatiewe behandeling.* Na die aanvanklike erkenning as 'n

bate behoort 'n ontasbare bate teen 'n herwaardeerde bedrag erken te word, naamlik die billike waarde daarvan op die datum van herwaardasie minus enige latere opgelope amortisasie en opgelope waardedalingsverliese. Die billike waarde behoort met verwysing na 'n aktiewe mark bepaal word (RE129.65).

Die toegelate alternatiewe verantwoording verbied die volgende :

- die herwaardasie van 'n ontasbare bate wat nie voorheen as 'n bate erken is nie; en
- die aanvanklike erkenning van ontasbare bates teen bedrae anders as die bates se kospryse.

Die billike waarde van 'n ontasbare bate kan betroubaar gemeet word slegs indien dit bepaal is met verwysing na 'n aktiewe mark. Ontasbare bates is van so 'n aard dat die bates uniek is en dat die transaksies wat aangegaan word relatief inkonsekwent is. Die transaksies wat aangegaan word ten opsigte van navorsings- en ontwikkelingsbedrywighede sal verskil van projek tot projek aangesien elke projek 'n eie unieke doelwit het en daar nie noodwendig enige verband tussen die verskillende doelwitte bestaan nie. Gevolglik kan die prys wat vir 'n spesifieke ontasbare bate betaal word nie toegepas word om die prys van 'n ander ontasbare bate te bepaal nie.

Weens die aard van navorsings- en ontwikkelingsbedrywighede is dit onwaarskynlik dat enige aktiewe mark vir bates wat geskep word uit ontwikkelingskoste, bestaan. Die toegelate alternatiewe behandeling is gevolglik nie 'n opsie vir die verantwoording van ontwikkelingskoste nie en die normbehandeling moet dus toegepas word.

Die afskryfbare bedrag van 'n ontasbare bate word bepaal nadat enige reswaarde afgetrek is. RE129.92 vereis dat daar aanvaar word dat die reswaarde van 'n ontasbare bate nul is, tensy :

- daar 'n ooreenkoms is met 'n derde party om die bate aan die einde van sy nutsduur te koop; of
- daar 'n aktiewe mark bestaan vir die betrokke ontasbare bate en die reswaarde betroubaar gemeet kan word met verwysing na hierdie mark en dit waarskynlik is dat die mark nog sal bestaan aan die einde van die bate se nutsduur.

Daar bestaan nie 'n aktiewe mark vir die ontasbare bate wat ontwikkelingskoste tot gevolg het nie. Dit het tot gevolg dat die reswaarde met betrekking tot ontwikkelingskoste nie betroubaar gemeet kan word nie en gevolglik moet daar aanvaar word dat die reswaarde nul is.

Die afskryfbare bedrag van 'n ontasbare bate behoort op 'n sistematiese grondslag oor die beste raming van sy nutsduur toegewys te word (RE129.80). Die standpunt aanvaar 'n veronderstelling dat die nutsduur van 'n ontasbare bate waarskynlik nie twintig jaar sal oorskry nie.

Die amortisasiemetode wat gevolg word, behoort die patroon te weerspieël waarvolgens die bate se ekonomiese voordele deur die onderneming verbruik word. Indien daardie patroon nie betroubaar bepaal kan word nie, behoort die reguitlynmetode gebruik te word (RE129.89). Die standpunt vereis dat die amortisasietydperk en -metode minstens aan die einde van elke finansiële jaar hersien word. Indien die verwagte nutsduur van die bate beduidend van vorige ramings verskil, behoort die amortisasietydperk dienooreenkomstig verander te word.

RE129.98 vereis ook dat die verhaalbare bedrag van ontasbare bates volgens die vereistes van die standpunt oor waardedaling van bates (RE128, 1999) bepaal moet word, en waardedalingsverliese behoort dienooreenkomstig erken te word.

4.3.3.6 Openbaarmakingsvereistes

Die finansiële state behoort die volgende openbaar te maak vir elke klas van ontasbare bates, en te onderskei tussen intern gegenereerde ontasbare bates en ander ontasbare bates (RE129.108) :

- die amortisasiemetode wat gebruik is;
- die nutsduur of amortisasiekoerse;
- die bruto drabedrag en die opgelope amortisasie (insluitend opgelope waardedalingsverliese) aan die begin en einde van die tydperk;
- die amortisasie gedebiteer in die berekening van netto wins of verlies vir die tydperk;
- 'n rekonsiliasie van die drabedrag aan die begin en einde van die tydperk wat die volgende toon :
 - toevoegings;
 - ontrekkings en vervreemdings;
 - verhogings of verlagings voortspruitend uit herwaardasies en waardedalingsverliese;
 - waardedalingsverliese erken in die inkomstestaat gedurende die tydperk;
 - waardedalingsverliese teruggeskryf in die inkomstestaat gedurende die tydperk;
 - amortisasie erken gedurende die tydperk;
 - die netto valutaverskille wat ontstaan het met die omskakeling van die finansiële state van 'n buitelandse entiteit; en
 - ander veranderings in die drabedrag gedurende die tydperk.

Die finansiële state behoort ook die volgende te openbaar :

- bewyse teen die aanname wat gemaak word dat die nutsduur van 'n ontasbare bate nie 20 jaar behoort te oorskry nie, indien die ontasbare bate oor 'n periode van meer as 20 jaar geamortiseer word;
- 'n beskrywing, die drabedrag en oorblywende amortisasietydperk van

- enige individuele ontasbare bate wat vir die finansiële state van die onderneming in die geheel weselik is;
- die bedrag van verpligtinge vir die verkryging van ontasbare bates.

Daar bestaan ook verskeie openbaarmakingvereistes met betrekking tot ontasbare bates wat waardeer word volgens die toegelate alternatiewe hantering. Die vereistes word nie hier gelys nie, aangesien dit nie van toepassing op ontwikkelingskoste is nie.

Die finansiële state behoort die totale bedrag van navorsings- en ontwikkelingsuitgawes wat as uitgawe gedurende die tydperk erken is, openbaar te maak.

Ondernemings word aangemoedig, maar nie verplig nie, om die volgende inligting te verstrek :

- beduidende ontasbare bates wat voldoen aan die vereistes vir erkenning as 'n bate in die balansstaat, maar waarvan die koste in vorige tydperke as 'n uitgawe erken is, omdat hulle verkry of gegenereer is voordat hierdie standpunt in werking getree het; en
- 'n beskrywing van enige ten volle geamortiseerde ontasbare bate wat nog in gebruik is.

4.3.4 Vergelyking van RE122 en RE129

Definisies

- Albei standpunt bevat definisies vir navorsing en ontwikkeling.
- Navorsing en ontwikkeling word op soortgelyke wyse gedefinieer.
- Beide standpunte maak 'n onderskeid tussen navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite en lys voorbeelde van aktiwiteite wat algemeen daarby ingesluit word.

Koste

- Beide standpunte identifiseer die koste wat direk aan navorsing en ontwikkeling of intern gegenereerde ontasbare bates toegeskryf kan word.

Rekeningkundige verantwoording

- Beide standpunte vereis dat navorsingskoste as uitgawe erken word in die tydperk waarin dit aangegaan is en nie as bate erken word nie.
- Beide standpunte vereis dat ontwikkelingskoste as uitgawe erken word in die tydperk waarin dit aangegaan is, tensy daar aan spesifieke maatstawwe voldoen word, in welke geval die ontwikkelingskoste as bate of ontasbare bate gekapitaliseer *moet* word.
- Dieselfde spesifieke maatstawwe waarna in punt ii verwys word, word deur albei standpunte gestel.
- RE129 beperk nie soos RE122.21, die bedrag wat aanvanklik erken word as 'n bate, wat ontstaan weens die kapitalisering van ontwikkelingskoste, tot die bedrag wat waarskynlik van die bate verhaal sal word nie. RE129 vereis dat indien 'n bate aan die erkenningskriteria voldoen, alle koste wat aangegaan word tot die drabedrag van die bate toegevoeg word, totdat die bate beskikbaar is vir gebruik. Verder word daar vereis dat die onderneming op 'n gereelde grondslag 'n toets vir enige moontlike waardedaling van die bate moet uitvoer. Dit is egter onwaarskynlik dat bogenoemde metodes tot gevolg sal hê dat verskillende drabedrae vir ontwikkelingskoste erken word.
- RE129 bied twee alternatiewe hanterings vir die meting van 'n ontasbare bate na die aanvanklike erkenning daarvan. Die alternatiewe hantering (herwaardasie) word nie deur RE122 toegelaat nie. Herwaardasie as 'n alternatief sal egter nie van toepassing wees op ontwikkelingskoste nie, aangesien die koste nie aan die gestelde vereistes vir die alternatiewe hantering voldoen nie.
- RE122.27 meld dat ontwikkelingskoste gewoonlik oor 'n tydperk van hoogstens vyf jaar geamortiseer word; RE129 veronderstel dat die

nutsduur van 'n ontasbare bate nie 20 jaar sal oorskry nie.

- RE129 neem die reswaarde van 'n ontasbare bate in ag, wanneer die depresseerbare bedrag bepaal word. Dit is egter onwaarskynlik dat ontwikkelingskoste 'n reswaarde van 'n bedrag anders as nul sal hê omdat daar nie aan die vereistes voldoen word vir die bepaling van 'n reswaarde nie.
- RE129 vereis spesifiek dat die vereistes van RE128, *Waardedaling van Bates*, in ag geneem moet word by die bepaling van die drabedrag van 'n ontasbare bate.
- Voorbeelde van faktore wat by die evaluering van die amortisasietydperk in ag geneem behoort te word, word in RE129.81 gelys; RE122 sluit egter geen voorbeelde in nie.

Openbaarmakingsvereistes

- RE122 vereis dat die rekeningkundige beleid wat vir navorsings- en ontwikkelingskoste aanvaar is, openbaar word; RE129 stel nie hierdie vereiste nie.
- RE122 moedig ondernemings aan om 'n beskrywing van hulle navorsings- en ontwikkelingsbedrywighede by hulle finansiële state in te sluit. Die vereiste ontbreek in RE129.
- Ander openbaarmakingsvereistes wat gestel word, is dieselfde vir beide standpunte.

Die toepassing van RE129, *Ontasbare Bates*, gaan gevolglik nie die huidige metode vir die rekeningkundige verantwoording van navorsings- en ontwikkelingskoste in Suid-Afrika wysig nie.

4.3.5 Vergelyking tussen die Suid-Afrikaanse standpunte en toepaslike internasionale rekeningkundige standpunte

RE122 is gegrond op die internasionale standaard, IAS9 (1993). Daar is geen beginselsake in RE122 wat van dié in IAS9 verskil nie. Die rekeningkundige

verantwoording en openbaarmaking van navorsings- en ontwikkelingskoste (insluitende definisies en voorbeelde wat gegee word) volgens IAS9 stem presies ooreen met die vereistes volgens RE122, soos bespreek in punt 4.3.2. Die datum waarop die standpunte in inwerking getree het, verskil egter. RE122 dek tydperke wat op of na 1 Januarie 1994 begin het, terwyl IAS9 tydperke wat op of na 1 Januarie 1995 begin het, dek.

RE129 is op die internasionale standaard, IAS38 (1998), gebaseer. Daar is geen verskille in beginsel met betrekking tot die verantwoording en openbaarmaking van navorsings- en ontwikkelingskoste tussen IAS38 en RE129 nie. IAS38 vereis egter nie dat vergelykende inligting vir al die openbaarmakingsvereistes aangebied word nie.

4.3.6 RE128, Waardedaling van bates

4.3.6.1 Omvang

Die standpunt is by implikasie van toepassing op alle ontasbare bates en moet dus in ag geneem word wanneer navorsings- en ontwikkelingskoste verantwoord word.

4.3.6.2 Definisies

Die volgende definisies is van toepassing :

- *Verhaalbare bedrag* is die grootste van netto verkoopsprys of waarde in gebruik.
- *Waarde in gebruik* is die huidige waarde van die beraamde toekomstige kontantvloei wat na verwagting sal voortvloei weens die deurlopende gebruik van die bate en by die verkoop daarvan aan die einde van die nuttige lewensduur.
- *Netto verkoopsprys* is die bedrag verkrygbaar uit die verkoop van 'n bate

in 'n normale sake-transaksie tussen ingeligte, gewillige partye, minus die verkoopskoste.

- *Waardedalingsverlies* is die bedrag waarmee die drabedrag van die bate sy verhaalbare bedrag oorskry.

4.3.6.3 Identifisering van 'n bate wat in waarde kan daal

'n Onderneming moet op elke balansstaatdatum 'n oorsig uitvoer en bepaal of daar enige aanduiding is dat 'n bate in waarde gedaal het. Indien enige sodanige aanduiding bestaan, moet die onderneming die verhaalbare bedrag beraam.

By die vasstelling of daar enige aanduiding is dat 'n bate in waarde gedaal het, moet 'n onderneming, as 'n minimum, die volgende aanwysers oorweeg :

Eksterne bronne van inligting

- Daar is 'n beduidende afname in die markwaarde van die bate, meer as wat verwag sal word as gevolg van die verloop van tyd en normale gebruik.
- Beduidende veranderinge met nadelige uitwerking het plaasgevind of sal plaasvind in die nabye toekoms in die tegnologiese, mark, ekonomiese of regsomgewing waarin die onderneming bedrywig is.
- Markrentekoerse of ander markopbrengskoerse op beleggings het gedurende die tydperk gestyg en sal waarskynlik die verdiskonteringskoers wat gebruik word om die bate se waarde in gebruik te bereken, beïnvloed en die verhaalbare bedrag verminder.
- Die drabedrag van netto bates van die onderneming is meer as sy markkapitalisasie (RE128.10).

Interne bronne

- Bewyse van veroudering of fisiese beskadiging bestaan.
- Beduidende veranderinge met nadelige uitwerking op die onderneming

het plaasgevind of sal plaasvind in die mate waarin, of wyse waarop die bate aangewend sal word.

- Bewyse toon dat die ekonomiese verrigting van die bate slegter is, of sal wees as wat verwag is (RE128.10).

4.3.6.4 Erkenning en meting van 'n waardedalingsverlies

Indien, en slegs indien, die verhaalbare bedrag van 'n bate minder is as sy drabedrag, moet die drabedrag van die bate verminder word na die verhaalbare bedrag. Daardie vermindering is 'n waardedalingsverlies (RE128.59).

'n Waardedalingsverlies moet onmiddellik as 'n uitgawe in die inkomstestaat erken word, tensy die bate teen 'n herwaardeerde waarde gedra word. Enige waardedaling van 'n herwaardeerde bate moet as 'n herwaardasievermindering hanteer word (nie van toepassing op ontwikkelingskoste nie) (RE128.60). Wanneer die bedrag van die beraamde waardedalingsverlies groter is as die drabedrag van die bate waarop dit betrekking het, moet 'n las slegs geskep word indien dit deur 'n ander standpunt vereis word.

Na die erkenning van 'n waardedalingsverlies moet die amortisasie-uitgawe van die bate vir toekomstige tydperke aangepas word om die hersiene drabedrag op 'n sistematiese wyse oor die bate se oorblywende nutsduur af te skryf (RE128.63).

4.3.6.5 Daaropvolgende beoordeling van 'n waardedalingsverlies

'n Onderneming moet op elke balansstaatdatum bepaal of daar enige aanduiding is dat 'n waardedalingsverlies wat in vorige jare as 'n bate erken is, nie meer mag bestaan nie of verminder het. Indien enige so 'n aanduiding bestaan, moet die onderneming die verhaalbare bedrag van daardie bate beraam (RE128.96).

'n Waardedalingsverlies vir 'n bate in vorige jare erken, moet teruggeskryf word slegs as daar sedert die waardedalingsverlies erken is, 'n verandering is in die ramings wat gebruik word om die bate se verhaalbare bedrag te bepaal. Indien dit die geval is, moet die drabedrag van die bate verhoog word na sy verhaalbare bedrag. Daardie verhoging is 'n terugskrywing van die waardedalingsverlies.

'n Terugskrywing van 'n waardedalingsverlies vir 'n bate moet onmiddellik as inkomste in die inkomstestaat erken word, tensy die bate teen 'n herwaardeerde bedrag gedra word. Enige terugskrywing van 'n waardedalingsverlies op 'n herwaardeerde bate moet hanteer word as 'n herwaardasieverhoging. Die verhoogde drabedrag van 'n bate as gevolg van 'n terugskrywing van 'n waardedalingsverlies moet nie die drabedrag oorskry wat bepaal sou wees (netto van amortisasie en depresiasie) indien geen waardedalingsverlies in vorige jare vir die bate erken sou wees nie. Nadat die terugskrywing van 'n waardedalingsverlies erken is, moet die amortisasie-uitgawe vir die bate aangepas word om die hersiene drabedrag min sy reswaarde (indien enige) in toekomstige tydperke op 'n sistematiese basis oor sy oorblywende nutsduur toe te deel (RE128.103-107).

4.3.6.6 Openbaarmaking

Vir elke klas van bates, moet finansiële state die volgende openbaar :

- die bedrag van die waardedalingsverliese erken in die inkomstestaat gedurende die tydperk en die lynitem(s) van die inkomstestaat waarin daardie waardedalingsverliese ingesluit is;
- die bedrag van die terugskrywing van waardedalingsverliese erken in die inkomstestaat gedurende die tydperk en die lynitem(s) van die inkomstestaat waarin daardie waardedalingsverliese teruggeskryf is;
- die bedrag van waardedalingsverliese erken direk in ekwiteit gedurende die tydperk; en
- die bedrag van enige terugskrywing van waardedalingsverliese erken direk in ekwiteit gedurende die tydperk.

Indien 'n waardedalingsverlies wat gedurende die tydperk erken of teruggeskryf is, wesenlik is vir die finansiële state van die verslagdoenende onderneming as geheel, moet die onderneming die volgende openbaar :

- die gebeure en omstandighede wat aanleiding gegee het tot die erkenning of terugskrywing van die waardedalingsverlies;
- die bedrag van die waardedalingsverlies wat erken of teruggeskryf is;
- die aard van die bate en die rapporteerbare segment waaraan die bate behoort, gebaseer op die onderneming se primêre formaat;
- of die verhaalbare bedrag van die bate die netto verkoopsprys of die waarde in gebruik is;
- indien die verhaalbare bedrag die netto verkoopsprys is, die basis gebruik om die netto verkoopsprys te bepaal; en
- indien die verhaalbare bedrag die waarde in gebruik is, die verdiskonteringskoers(e) gebruik in die huidige en vorige ramings (indien enige) van die waarde in gebruik.

Indien waardedalingsverliese erken (teruggeskryf) gedurende die tydperk in totaal wesenlik is tot die finansiële state van die verslagdoenende onderneming as geheel, moet die onderneming 'n kort beskrywing van die volgende openbaar:

- die hoofklasse van bates geaffekteer deur waardedalingsverliese (terugskrywing van waardedalingsverliese) waarvoor geen inligting geopenbaar is onder bogenoemde paragraaf nie; en
- die vernaamste gebeure en omstandighede wat gelei het tot die erkenning (terugskrywing) van hierdie waardedalingsverliese waarvoor geen inligting onder bogenoemde paragraaf gepubliseer is nie (RE128.114-120).

4.4 HUIDIGE STATUS VAN INTERNASIONALE STANDAARDE OOR NAVORSINGS- EN ONTWIKKELINGSKOSTE

Aangesien daar verskillende rekeningkundige verantwoordingsmetodes vir navorsings- en ontwikkelingskoste bestaan en daar internasionaal nog nie eenstemmigheid oor die mees toepaslike verantwoordingsmetode bereik is nie, word die huidige rekeningkundige praktyke in die volgende lande bespreek :

- Verenigde State van Amerika;
- Kanada;
- Verenigde Koningkryk;
- Nieu-Seeland; en
- Australië.

Die rekeningkundige verantwoording van navorsings- en ontwikkelingskoste in al bogenoemde lande word gereguleer deur standpunte van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk.

4.4.1 Verenigde State van Amerika

4.4.1.1 Agtergrond

Gedurende Oktober 1974 is 'n standpunt, *Statement of Financial Accounting Standards No. 2, Accounting for Research and Development Costs (SFAS2)*, uitgereik wat spesifiek die verantwoording van navorsings- en ontwikkelingskoste behandel. Navorsings- en ontwikkelingskoste word dan ook spesifiek uitgesluit by die *Accounting Principles Board Opinion No.17, Intangible Assets*, wat voorheen gedien het as riglyn vir die verantwoording van navorsingskoste.

4.4.1.2 Definisies

Navorsing en ontwikkeling word as volg gedefinieer (SFAS2, par 8) :

Research is planned search or critical investigation aimed at discovery of new knowledge with the hope that such knowledge will be useful in developing a new product or service or a new process or technique or in bringing about a significant improvement to an existing product or process.

Development is the translation of research findings or other knowledge into a plan or design for a new product or process or for a significant improvement to an existing product or process whether intended for sale or use...

4.4.1.3 Navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite

Verskeie voorbeelde van aktiwiteite wat tipies ingesluit word in navorsing en ontwikkeling, byvoorbeeld laboratoriumnavorsing wat daarop gemik is om nuwe kennis te verkry, word gelys (SFAS2, par 9). Daar word nie 'n onderskeid gemaak tussen *navorsingsaktiwiteite* en *ontwikkelingsaktiwiteite* nie. Voorbeelde word gegee van aktiwiteite wat spesifiek uitgesluit word van navorsing en ontwikkeling, byvoorbeeld seisonale ontwerp wysigings aan bestaande produkte, (SFAS2, par 10). Die elemente van koste wat met navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite geïdentifiseer word, word ook in redelike besonderhede bespreek (SFAS2, par 11).

Die standpunt poog dus om spesifieke riglyne te gee by wyse van praktiese voorbeelde vir die identifisering van navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite en die gepaardgaande koste, wat die toepassing van die standpunt in praktyk behoort te vergemaklik.

4.4.1.4 Rekeningkundige verantwoording

Aangesien daar nie in die rekeningkundige verantwoording onderskei word tussen *navorsingskoste* en *ontwikkelingskoste* nie, vereis die standpunt dat alle koste wat verband hou met navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite as uitgawe erken word, wanneer dit aangegaan word (SFAS2, par 12). Die kapitalisering van ontwikkelingskoste as 'n bate word dus nie toegelaat nie.

Ter ondersteuning van hierdie rekeningkundige hantering argumenteer die FSAB dat die erkenning van navorsings- en ontwikkelingskoste as uitgawe, wanneer dit aangegaan word, ooreenstem met die hoë koers van mislukking van navorsingsprojekte (SFAS2, par 2 ; Willmott, *et al.*, 1992:41). Willmott (1992:41) bevind ook dat die erkenning van navorsings- en ontwikkelingskoste as uitgawe reeds algemene praktyk in die VSA was, voordat SFAS2, uitgereik is.

4.4.1.5 Openbaarmakingsvereistes

Die totale navorsings- en ontwikkelingskoste wat as uitgawe gedurende die huidige tydperk erken is, moet openbaar word (SFAS2, par 13).

4.4.1.6 Kommentaar

SFAS2 is reeds vir bykans vyf en twintig jaar in gebruik in die Verenigde State van Amerika. 'n Besluit deur die FSAB om te voldoen aan die vereistes van IAS38 (1998), die Internasionale Standpunt oor navorsings- en ontwikkelingskoste, sal 'n wesenlike effek op die finansiële state van ondernemings in die VSA hê, aangesien IAS38 die kapitalisering van ontwikkelingskoste as bate vereis, indien daar aan sekere kriteria voldoen word, teenoor die erkenning van die koste as uitgawe soos tans deur SFAS2 vereis.

SFAS2 word wyd gekritiseer. In 'n opname deur die FASB in 1996 (Reither, 1998:285) is SFAS2 as een van die vyf swakste rekeningkundige standaarde in die VSA aangewys. Respondente in die opname het die volgende redes aangevoer waarom SFAS2 as een van die swakste rekeningkundige standpunte beskou word :

- Die meeste navorsings- en ontwikkelingskoste hou toekomstige voordele in en voldoen dus aan die definisie van 'n bate.
- Die erkenning van 'n bate as uitgawe voorsien min inligting.
- Dit is uiters konserwatief om te vereis dat alle navorsings- en

ontwikkelingskoste as uitgawe erken moet word.

- Dit verhoed baie maatskappye om wesenlike ekonomiese bates te meet en te erken.

Nix en Nix (1992:53) bevind dat maatskappye in die VSA huiwerig is om in langtermynnavorsing en -ontwikkeling te belê, weens die rekeningkundige verantwoordingsmetode wat vereis dat alle koste onmiddellik as uitgawe erken moet word. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat die vereistes van SFAS2 ontoepaslik is en dat "a strong case can be made for changing the way that R&D costs are accounted for in the United States."

Die bestuur van maatskappye in die VSA toon egter nie enige ontevredenheid oor die huidige rekeningkundige praktyk om alle navorsings- en ontwikkelingskoste as uitgawe te erken nie. Nix en Nix (1992:56) skryf hierdie tevredenheid van bestuur met die huidige praktyk eerstens toe aan die vrees van bestuur dat indien die rekeningkundige praktyk verander word, die belastingsreëls ook gewysig sal word en tweedens dat 'n metode van kapitalisering verantwoordig sal kompliseer.

Hoewel SFAS2 wesenlik van RE122, wat tans in Suid-Afrika van toepassing is, verskil is daar aanduidings dat maatskappye in Suid-Afrika in die praktyk alle navorsings- en ontwikkelingskoste onmiddellik as uitgawe erken en dus dieselfde rekeningkundige praktyk toepas as ondernemings in die VSA.

4.4.2 Kanada

4.4.2.1 Agtergrond

In Kanada word die rekeningkundige verantwoordig van navorsings- en ontwikkelingskoste gereguleer deur die *Canadian Institute of Chartered Accountants, CICA Handbook, Section 3450, Research and Development Costs*, hersien 1990.

4.4.2.2 Definisies

Navorsing en ontwikkeling as volg gedefinieer (CICA, 1990:Section 3450, par 02) :

Research is planned investigation undertaken with the hope of gaining new scientific or technical knowledge and understanding. Such investigation may or may not be directed towards a specific practical aim or application.

Development is the translation of research findings or other knowledge into a plan or design for new or substantially improved materials, devices, products, processes, systems or services prior to the commencement of commercial production or use.

4.4.2.3 Navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite

Daar word onderskei tussen tipiese *navorsingsaktiwiteite* en *ontwikkelingsaktiwiteite*; voorbeelde van hierdie aktiwiteite word genoem en aktiwiteite wat spesifiek uitgesluit word van navorsing en ontwikkeling word ook genoem. (CICA,1990:Section 3450, par 04-07). Elemente van koste wat spesifiek toeskryfbaar is aan navorsing en ontwikkeling word bespreek en voorbeelde van hierdie koste word gelys.

4.4.2.4 Rekeningkundige verantwoording

Die Kanadese Instituut glo dat die toewysing van koste vir navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite in 'n bepaalde rekeningkundige periode bepaal word deur die verwantskap van sodanige koste tot die verwagte toekomstige ekonomiese voordele wat die aktiwiteite noodwendig tot gevolg sal hê. Navorsingskoste word geag deel te wees van deurlopende aktiwiteite wat vereis word om die besigheid van 'n onderneming en sy kompeterende posisie te handhaaf. Navorsingskoste behoort gevolglik as uitgawe erken te word in die tydperk waarin die uitgawes aangegaan is. Ontwikkelingsaktiwiteite word normaalweg aangegaan met 'n redelike verwagting van kommersiële sukses en toekomstige voordele. Op grond hiervan word geargumenteer dat die

ontwikkelingskoste uitgestel *moet* word en met toekomstige inkomste gepaar word. Ontwikkelingskoste behoort dus as uitgawe erken te word in die tydperk waarin dit aangegaan is, tensy daar aan sekere gestelde kriteria voldoen word in welke geval die koste uitgestel moet word. Daar moet aan die volgende kriteria voldoen word (CICA, 1990:Section 3450) :

- i. Die produk of proses is duidelik omskryf en die koste toeskryfbaar daaraan kan identifiseer word.
- ii. Die tegniese uitvoerbaarheid van die produk of proses kan gedemonstreer word.
- iii. Die bestuur van die onderneming is van voorneme om die produk of proses te produseer en te bemark, of te gebruik.
- iv. 'n Toekomstige mark vir die produk of proses is bepaal of indien dit intern gebruik gaan word kan die nut van die produk of proses vir die onderneming gedemonstreer word.
- v. Toereikende bronne bestaan, of word verwag om beskikbaar te wees, om die projek te voltooi.

Uitgestelde ontwikkelingskoste moet geamortiseer word en as uitgawe erken word op 'n stelselmatige en rasionale grondslag met verwysing na die verkoop of gebruik van die produk of proses (CICA, 1990:Section 3450, par 28). Die bepaling van die basis en tydperk van amortisering is onderworpe aan ramings en oordeel van die bestuur van 'n onderneming. Geen beperking word geplaas op die tydperk van amortisering nie. Uitgestelde ontwikkelingskoste behoort aan die einde van elke rekeningkundige periode hersien te word (CICA, 1990:Section 3450, par 32).

4.4.2.5 Openbaarmakingsvereistes

CICA (Section 3450, par 34) stel die volgende openbaarmakingsvereistes :

- die bedrag ongeamortiseerde ontwikkelingskoste;
- ontwikkelingskoste uitgestel gedurende die tydperk;

- die bedrag navorsings- en ontwikkelingskoste wat as uitgawe vir die tydperk erken is; en
- die bedrag uitgestelde ontwikkelingskoste wat as uitgawe gedurende die tydperk erken is.

4.4.2.6 Kommentaar

Brennan (1992:24) identifiseer verskeie tekortkominge in CICA, Afdeling 3450. Die indruk dat maatskappye wat nie navorsing en ontwikkeling onderneem nie, oor die kort termyn beter blyk te presteer en die feit dat die werklike langtermynvoordeel van navorsing en ontwikkeling nie in finansiële state erken word nie, is die belangrikste tekortkominge wat geïdentifiseer is. Brennan maak die volgende stelling oor die huidige rekeningkundige praktyk vir navorsings- en ontwikkelingskoste :

A complete revamping of financial statements, so that they reflect the growing knowledge base of companies, might well be necessary. A more realistic, practical approach is called for in the short term... These are extremely important elements of a company's invisible capital. We need to investigate methods of recognizing these assets. Our financial statements do not express the value growing in a knowledge-based firm. We can change our accounting practices. It is very important that we do, because of the power of financial statements in communicating with bankers, financial analysts and investors.

Die rekeningkundige verantwoordingsvereistes, asook definisies en voorbeelde wat in CICA, Afdeling 3450, genoem word stem ooreen met RE122. RE122 vereis meer omvattende openbaarmaking, byvoorbeeld die rekeningkundige beleid vir navorsing en ontwikkeling en 'n rekonsiliasie van die saldo van ongeamortiseerde ontwikkelingkoste aan die begin en einde van die tydperk. Navorsings- en ontwikkelingskoste behoort dus rekeningkundig dieselfde in Kanada as in Suid-Afrika verantwoord te word. Die kritiek wat op CICA, Afdeling 3450 gelewer word, behoort gevolglik ook in ag geneem te word by die beoordeling van RE122.

4.4.3 Verenigde Koningryk

4.4.3.1 Agtergrond

Die Verenigde Koningryk is baie aktief op die terrein van die rekeningkundige verantwoording van navorsings- en ontwikkelingskoste. In Januarie 1975 is die geopenbaarde konsep, *ED14, Accounting for Research and Development*, uitgereik. ED14 het tussen navorsingskoste en ontwikkelingskoste onderskei, en erken dat daar wel geargumenteer kan word dat ontwikkelingskoste uitgestel kan word, sodat dit met toekomstige inkomste gepaar word. Daar is bevind dat daar aansienlike elemente van onsekerhede inherent aan ontwikkelingskoste is, en gevolglik is die kapitalisering van ontwikkelingskoste nie toegelaat nie.

'n Aantal individuele maatskappye en industriële groepe het egter aangevoer dat in verskeie gevalle die onsekerhede waarna ED14 verwys, nie bestaan nie en dat dit onredelik is om te vereis dat ontwikkelingskoste as uitgawe erken word wanneer dit aangegaan is. Die gevolg was die uitreiking van *ED 17, Accounting for Research and Development - Revised*, in April 1976. ED17 vereis dat ontwikkelingskoste *altyd* uitgestel word in gevalle waar aan sekere gestelde kriteria voldoen word. ED17 is egter gekritiseer en as te rigied beskou (weens die verpligte kapitalisering van ontwikkelingskoste indien dit aan sekere kriteria voldoen). Verskeie maatskappye wat nog altyd ontwikkelingskoste afgeskryf het, het verkies om so voort te gaan ten spyte daarvan dat aan sekere toestande vir kapitalisering voldoen is (Holmes, 1984:55).

Gedurende 1989 is die standpunt, *Statement of Standard Accounting Practice No. 13, Accounting for Research and Development, (SSAP13)*, uitgereik. Die belangrikste verskil in hierdie standpunt teenoor die twee voorafgaande geopenbaarde konsepte, ED 14 en ED 17, is dat ondernemings nou 'n keuse het om ontwikkelingskoste te kapitaliseer, indien daar aan sekere vereistes voldoen word.

Die standpunt is van toepassing op entiteite wat 'n publieke maatskappy of 'n spesiale kategorie maatskappy (maatskappye in die bank- en versekeringswese) is, maar nie op medium-grootte maatskappye soos gedefinieer deur Artikel 248 van die Britse Maatskappywet 1985 nie (SSAP13, par 22). Die standpunt is nie van toepassing op items wat nie wesenlik is nie.

4.4.3.2 Definisies

Die volgende definisies is van toepassing (SSAP13, par 21) :

Pure or basic research: Experimental or theoretical work undertaken primarily to acquire new scientific or technical knowledge for its own sake rather than directed towards any specific aim or application;

Applied research : Original or critical investigation undertaken in order to gain new scientific or technical knowledge and directed towards a specific practical aim or objective;

Development : Use of scientific or technical knowledge in order to produce new or substantially improved materials, devices, products or services, to install new processes or systems prior to the commencement of commercial production or commercial applications, or to improving substantially those already produced or installed.

4.4.3.3 Navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite

In die voorwoord tot die standpunt word verskillende tipes navorsings- en ontwikkelingskoste bespreek en voorbeelde van aktiwiteite wat normaalweg by navorsing en ontwikkeling ingesluit word, word gelys. Voorbeelde van aktiwiteite wat spesifiek uitgesluit word by navorsing en ontwikkeling, word ook gegee.

4.4.3.4 Rekeningkundige verantwoording

Uitgawes aangegaan ten opsigte van *basiese en toegepaste navorsing* behoort as uitgawe erken te word in die jaar waarin dit aangegaan is. *Ontwikkelingskoste* behoort as uitgawe erken te word in die jaar waarin dit aangegaan is, tensy daar

aan die volgende vereistes voldoen word, in welke geval die koste uitgestel *mag* word (daar is dus 'n keuse) na toekomstige tydperke :

- i. Daar bestaan 'n duidelik omskryfde projek.
- ii. Die verwante uitgawes is afsonderlik identifiseerbaar.
- iii. Die uitkoms van die projek is reeds bepaal en daar is redelike sekerheid oor die tegniese uitvoerbaarheid en die uiteindelijke kommersiële lewensvatbaarheid daarvan met oorweging van faktore soos marktoestande, publieke opinies, verbruikers- en omgewingswetgewing.
- iv. Daar is 'n redelike verwagting dat verwante toekomstige verkope of ander inkomste meer sal wees as die totaal van die uitgestelde ontwikkelingskoste en verdere ontwikkelingskoste wat aangegaan sal word.
- v. Daar bestaan toereikende hulpbronne, of die beskikbaarheid daarvan kan redelik verwag word, om die projek af te handel (SSAP13.25).

Indien 'n beleid aanvaar is om ontwikkelingskoste uit te stel is dit van toepassing op alle ontwikkelingsprojekte wat aan die genoemde kriteria voldoen. Uitgestelde ontwikkelingskoste moet geamortiseer word en as uitgawe erken word op 'n stelselmatige grondslag met verwysing na die verkoop of gebruik van die produk, diens, proses of stelsel. Uitgestelde ontwikkelingskoste moet aan die einde van elke rekeningkundige tydperk hersien word, om te verseker dat die omstandighede wat die uitstel van die uitgawes regverdig het, steeds geld; indien dit nie die geval is nie moet die uitgawes in die mate wat verwag word dat dit nie verhaalbaar is nie, onmiddellik afgeskryf word (SSAP13.26-29).

4.4.3.5 Openbaarmakingsvereistes

SSAP13, par 30 tot 32 stel die volgende openbaarmakingsvereistes :

- die rekeningkundige beleid vir navorsings- en ontwikkelingskoste moet omskryf en verduidelik word;
- die totale bedrag navorsings- en ontwikkelingskoste erken as uitgawe met 'n onderskeid tussen die huidige jaar se uitgawes en bedrae van

uitgestelde uitgawes geamortiseer; en

- bewegings op uitgestelde ontwikkelingskoste (openbaar as deel van ontasbare bates in die balansstaat) moet getoon word.

4.4.3.6 Kommentaar

SSAP13 vereis dat indien 'n beleid aanvaar is om ontwikkelingskoste uit te stel, dit konsekwent op alle ontwikkelingsprojekte van toepassing is. In die praktyk kan bestuur egter besluit dat 'n afskrywingsbeleid vir sommige ontwikkelingsprojekte geld deur bloot twyfel oor toekomstige lewensvatbaarheid aan te dui (Blake, 1990:32). SSAP13 sal dus nie noodwendig konsekwente toepassing in die praktyk tot gevolg hê nie. Letham (1997:71) voer met verwysing na SSAP13 aan, dat ten spyte daarvan die veranderinge nie noodwendig verwelkom word nie, die reëls vir navorsings- en ontwikkelingskoste verouderd is en hersien behoort te word.

Hoewel SSAP13 'n keuse vir die rekeningkundige beleid vir navorsings- en ontwikkelingskoste toelaat, word geen riglyne gegee vir relevante faktore wat na verwagting die keuse van 'n beleid sal beïnvloed nie. Blake (1990:35) identifiseer die volgende faktore wat sinvol oorweeg kan word by die keuse van 'n rekeningkundige beleid vir navorsings- en ontwikkelingskoste :

- die bedrag van ontwikkelingskoste in verhouding tot die maatskappy se totale aktiwiteite;
- die rekeningkundige beleid wat in die algemeen deur soortgelyke maatskappye in dieselfde industrie aanvaar is; en
- die maatskappy se bevoegdheid en ondervinding in die opstel van begrotings en vooruitskatingstegnieke.

Nixon (1991:72) bevind dat daar nie noodwendig meer inligting oor navorsing en ontwikkeling openbaar gemaak moet word nie, maar dat die betroubaarheid, konsekwentheid en vergelykbaarheid van die inligting verbeter moet word.

Verder beskou hy SSAP13 slegs as die begin; verdere wesenlike veranderings aan die standpunt word steeds vereis, om te verseker dat die rekeningkundige verantwoording van navorsings- en ontwikkelingskoste nie as rede aangevoer word vir die afname in Brittanje se industrie-gefinansierde navorsing en ontwikkeling nie. Robin Leigh-Pemberton (Governor of the Bank of England, Glasgow Herald, 26 April 1990:27) het die volgende stelling oor die openbaarmaking in finansiële state, gemaak :

If companies revealed more information about R&D, training and advertising and gave sales by different product markets, analysts could make a better assessment of intangible investments.

4.4.4 Nieu-Seeland

4.4.4.1 Agtergrond

Die *Financial Reporting Standards Board and the New Zealand Society of Accountants* het gedurende September 1995 FRS 13, *Accounting for Research and Development Activities*, wat handel oor die toepaslike rekeningkundige verantwoording van navorsings- en ontwikkelingskoste uitgereik.

4.4.4.2 Definisies

Navorsing en ontwikkeling word soos volg in FRS13 gedefinieer :

Development is the application of research findings or other knowledge to a plan or design for the production of new or substantially improved materials, devices, products, processes, systems, or services prior to the commencement of commercial production or use.

Research is original and planned investigation undertaken with the prospect of gaining new scientific or technical knowledge and understanding.

4.4.4.3 Navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite

Navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite word onderskei van nie-navorsing gebaseerde aktiwiteite deur die teenwoordigheid of afwesigheid van 'n merkbare element van innovasie. 'n Verdere onderskeid word getref tussen navorsings-aktiwiteite en ontwikkelingsaktiwiteite en tipiese voorbeelde van elk word gelys. Voorbeelde van aktiwiteite wat tipies uitgesluit word by navorsing en ontwikkeling word ook genoem.

Navorsings- en ontwikkelingskoste sluit alle koste in wat direk toeskryfbaar is aan navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite of wat op 'n redelike basis aan sodanige aktiwiteite toegewys kan word. FRS13 lys ook verskeie voorbeelde van hierdie koste.

4.4.4.4 Rekeningkundige verantwoording

Navorsingskoste moet as uitgawe erken word in die tydperk waarin dit aangegaan is. Ontwikkelingskoste moet as uitgawe erken word in die tydperk waarin dit aangegaan is, tensy daar aan sekere gestelde kriteria om as bate erken te word, voldoen word, in welke geval die ontwikkelingskoste gekapitaliseer moet word.

Die bedrag van ontwikkelingskoste wat as bate erken is, behoort geamortiseer en as uitgawe erken te word op 'n stelselmatige grondslag wat die patroon waarvolgens die verwante ekonomiese voordele erken word, weerspieël. Die amortisasietydperk behoort normaalweg nie langer as vyf jaar te wees nie, tensy 'n langer periode regverdig kan word (beperk tot twintig jaar).

Ontwikkelingskoste wat as bate erken is behoort aan die einde van elke rekeningkundige periode hersien te word en aansuiwerings moet, indien nodig, gedoen word. Ontwikkelingskoste wat aanvanklik as 'n bate erken is en later afgeskryf is weens onsekerhede, kan teruggeskryf word indien die

omstandighede wat tot die afskrywing gelei het, nie meer bestaan nie.

4.4.4.5 Openbaarmakingsvereistes

FRS13 stel die volgende openbaarmakingsvereistes :

- die rekeningkundige beleid wat vir navorsings- en ontwikkelingskoste aanvaar is;
- die bedrag van navorsings- en ontwikkelingskoste wat in die tydperk as uitgawe erken is;
- die amortiseringsmetodes wat gebruik is;
- die nutsduur of amortiseringskoerse wat gebruik is; en
- 'n rekonsiliasie van die saldo van ongeamortiseerde ontwikkelingskoste aan die begin en einde van die tydperk.

4.4.4.6 Kommentaar

Die rekeningkundige openbaarmakings- en verantwoordingsvereistes, asook definisies en voorbeelde wat in FRS13 genoem word, stem ooreen met RE122. Navorsings- en ontwikkelingskoste behoort dus rekeningkundig dieselfde in Nieu-Seeland as in Suid-Afrika verantwoord te word.

4.4.5 Australië

4.4.5.1 Agtergrond

Die *Australian Society of Accountants and the Institute of Chartered Accountants in Australia* het gedurende Desember 1983 AAS 13, *Statement of Accounting Standards, Accounting for Research and Development Costs*, uitgereik.

4.4.5.2 Definisies

AAS13 definieer navorsing en ontwikkeling as volg :

Research mean planned investigation undertaken with the hope of gaining new scientific or technical knowledge and understanding which will be useful in developing a new process or technique, or in bringing about a significant improvement to an existing product or process.

Development means the translation of research findings or other knowledge into a plan or design for a new product or process or for a significant improvement to an existing product or process.

4.4.5.3 Navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite

Navorsings- en ontwikkelingskoste sluit alle koste in wat direk toeskryfbaar is aan navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite en wat identifiseerbaar is met spesifieke projekte. AAS13 maak 'n onderskeid tussen *navorsingsaktiwiteite* en *ontwikkelingsaktiwiteite* en lys verskeie voorbeelde van hierdie aktiwiteite, asook van aktiwiteite wat spesifiek uitgesluit word by navorsing en ontwikkeling.

4.4.5.4 Rekeningkundige verantwoording

Navorsings- en ontwikkelingskoste behoort as uitgawe erken te word in die tydperk waarin dit aangegaan is, tensy daar aan die gestelde kriteria vir kapitalisering voldoen word. AAS13.33 stel die volgende kriteria vir die kapitalisering van *navorsings- en ontwikkelingskoste* :

Costs incurred during the period on research and development projects should be deferred to future periods only to the extent that future benefits are expected, beyond any reasonable doubt, to equal or exceed those costs, any previously deferred costs and any future costs necessary to give rise to the future benefits.

Vir rekeningkundige doeleindes onderskei AAS13 nie tussen *navorsingskoste* en *ontwikkelingskoste* nie. Beide koste kan uitgestel en geamortiseer word, afhangend van die mate van sekerheid dat sodanige koste in toekomstige rekeningkundige tydperke verhaalbaar sal wees. AAS13.17 meld dat dit meer waarskynlik is dat ontwikkelingskoste aan die toets vir kapitalisering sal voldoen,

as navorsingskoste. Indien navorsingskoste egter in uitsonderlike gevalle wel aan die toets vir kapitalisering voldoen, is die kapitalisering van hierdie koste toelaatbaar (AAS13.18). Die standpunt stel nie spesifieke maatstawwe waaraan koste moet voldoen voordat kapitalisering kan plaasvind nie.

Navorsings- en ontwikkelingskoste wat voorheen as uitgawe erken is, omdat dit nie in die toets vir kapitalisering geslaag het nie, behoort nie op 'n later stadium gekapitaliseer te word nie. Uitgestelde navorsings- en ontwikkelingskoste behoort oor toekomstige rekeningkundige tydperke geamortiseer te word sodat die koste met verwante voordele gepaar word. Uitgestelde navorsings- en ontwikkelingskoste behoort op 'n gereelde grondslag hersien te word (AAS13.24-25).

4.4.5.5 Openbaarmakingsvereistes

Die finansiële state behoort die volgende te openbaar :

- die bedrag uitgestelde navorsings- en ontwikkelingskoste aan die einde van die periode; en
- die basis van amortisering van enige uitgestelde navorsings- en ontwikkelingskoste.

AAS13 vereis nie die openbaarmaking van die bedrag van navorsings- en ontwikkelingskoste wat gedurende die tydperk as uitgawe erken is en die beweging in die saldo van ongeamortiseerde ontwikkelingskoste nie. Geen openbaarmakingsvereistes rakende die rekeningkundige beleid vir navorsings- en ontwikkelingskoste word gestel nie.

4.4.5.6 Kommentaar

AAS13 is tans die enigste standpunt wat die kapitalisering van *navorsingskoste*, indien die koste aan sekere kriteria voldoen, toelaat. Die rede waarom ander standpunte nie die kapitalisering van navorsingskoste toelaat nie, is hoofsaaklik

4.5 OPSOMMING

Figuur 4.1 : Opsomming van die belangrikste verskille tussen internasionale en plaaslike standpunte oor die rekeningkundige verantwoording van navorsings- en ontwikkelingskoste

Vraag	SA RE122 RE129	VSA SFAS2	Kanada CICA 3450	VK SSAP13	Australië AAS13	Nieu- Seeland FRS13	IAS9
Definisies							
Word navorsing en ontwikkeling gedefinieer?	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja
Word 'n onderskeid gemaak tussen basiese- en toegepaste navorsing?	Nee	Nee	Nee	Ja	Ja	Nee	Nee
Word voorbeelde van navorsings- en ontwikkelings-aktiwiteite gelys?	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja
Koste							
Word die elemente van koste identifiseer?	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja
Rekeningkundige hantering							
Word navorsingskoste onmiddellik as uitgawe erken?	Ja	Ja	Ja	Ja	Nee	Ja	Ja
Word die kapitalisering van ontwikkelingskoste toegelaat?	Ja	Nee	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja
Indien wel, word spesifieke kapitaliseringkriteria gestel?	Ja	-	Ja	Ja	Ja	Nee	Ja
Is kapitalisering verpligtend?	Ja	-	Nee	Nee	Ja	Ja	Ja
Word die amortisasietydperk beperk?	Ja	-	Nee	Nee	Nee	Ja	Ja

Vraag	SA RE122 RE129	VSA SFAS2	Kanada CICA 3450	VK SSAP13	Australië AAS13	Nieu- Seeland FRS13	IAS9
Openbaarmakingsvereistes							
Word die rekeningkundige beleid vir navorsings- en ontwikkelingskoste openbaar?	Ja/ Nee	Nee	Nee	Ja	Nee	Ja	Ja
Word die totale navorsings- en ontwikkelingskoste vir die tydperk openbaar?	Ja	Ja	Ja	Ja	Nee	Ja	Ja
Indien ontwikkelingskoste gekapitaliseer word, word die volgende openbaar :							
- die totale bedrag van ontwikkelingskoste as bate erken?	Ja	-	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja
- 'n rekonsiliasie van die saldo van ongeamortiseerde ontwikkelingskoste?	Ja	-	Ja	Ja	Nee	Ja	Ja
Word addisionele openbaarmaking rakende navorsing- en ontwikkelingsprojekte							
- vereis?	Nee	Nee	Nee	Nee	Nee	Ja	Nee
- aangemoedig?	Ja	Nee	Ja	Nee	Nee	Nee	Ja
Inwerkingstredingsdatum							
Op watter datum het die standpunt in werking getree?	1994/ 2000	1975	1990	1989	1983	1995	1993

Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyke behoort evalueer te word om te bepaal in watter mate gestelde doelwitte bereik word en die mate waarin huidige beginsels praktiese oplossings bied waar konflikte tussen doelwitte bestaan (sien ook na hoofstuk 3). AARP behoort in die volgende gevalle gewysig te word: (i) om verskille in rekeningkundige praktyke, waar daar geen verskille in die bepaalde omstandighede

voorkom nie, te elimineer; (ii) meer konsekwente hantering te verseker; (iii) verbetering van die vermoë om aan die doelwitte van finansiële verantwoording te voldoen; en (iv) om die ekonomiese aktiwiteite wat verteenwoordig word, meer getrou te reflekteer.

VERVAARDIGINGSBONDERINGS

In die volgende hoofstukke word 'n empiriese studie uitgevoer met die doel om te bepaal in welke mate Suid-Afrikaanse publieke maatskappye aan die vereistes van die huidige toepaslike standpunt (RE122), soos bespreek in hierdie hoofstuk, voldoen. Die verantwoordingsmetode vir navorsings- en ontwikkelingskoste wat maatskappye in die praktyk toepas word dus geëvalueer. Die finansiële state word ook evalueer om te bepaal of dit 'n getroue weergawe is van die werklike navorsings- en ontwikkelings-aktiwiteite wat 'n maatskappy onderneem het. (Brennan, 1994: 17) Nie is dit 'n

HOOFSTUK 5

INNOVERENDE TENDENSE IN SUID-AFRIKAANSE VERVAARDIGINGSONDERNEMINGS

5.1 INLEIDING

Indien Suid-Afrika daarna strewe om 'n sleutelspeler in internasionale markte te word, sal ondernemings moet leer om in 'n felle kompeterende omgewing handel te dryf (FRD, 1997). Deurlopende innovasie word vereis om 'n kompeterende voordeel te verkry en te handhaaf (Brennan, 1992:22). Navorsing en ontwikkeling vorm 'n noodsaaklike basis vir die voortbestaan van ondernemings. Die grootste gedeelte van groei binne ondernemings kan toegeskryf word aan navorsing en ontwikkeling (Rehak, 1998:15).

In hoofstuk 2 is die aard en rol van navorsing en ontwikkeling en die verband tussen innovasie en navorsing en ontwikkeling bespreek. Daar is getoon dat navorsing en ontwikkeling deel van die algemene organisasie van 'n onderneming vorm. Die FRD maak die stelling dat wetenskaplike en tegnologiese kapasiteite nie suksesvol in innoverende en dinamiese ondernemings omskep word nie. Volgens Reier (1998:15) word die sukses van innovasie deur die volgende bepaal :

In innovation, the most important thing driving performance is how well and how fast you deploy the technology. Companies that manage innovation well do have a high correlation with performance.

Die Stigting vir Navorsing en Ontwikkeling (SNO) het bevind dat slegs enkele Suid-Afrikaanse ondernemings innovasie as die sleutelfaktor en kritieke komponent in die lewensiklus van 'n onderneming sien. Dit is noodsaaklik dat innovasie nie in Suid-Afrika as 'n luukse gesien word nie, maar as die sleutel om internasionaal 'n kompeterende bedryfsbasis te bou en in stand te hou.

Suid-Afrika se tegnologiese omgewing en bevoegdhede voldoen aan die vereistes van 'n moderne ekonomie. Wetenskaplike rade en nasionale laboratoriums, wêreldklasuniversiteite en ander tersiêre navorsings- en opvoedkundige instansies, asook 'n gevestigde stelsel van tegniese opleiding impliseer aansienlike tegnologiese kapasiteite. Die SNO het in Oktober 1997 'n verslag uitgereik oor 'n navorsingsprojek getiteld, *Innovation Patterns in South African Manufacturing Firms*. Een van die gevolgtrekkings waartoe die SNO kom, is dat wetenskaplike en tegnologiese kapasiteite nie suksesvol in innoverende en dinamiese ondernemings omgeskakel word nie, maar dat die Suid-Afrikaanse ekonomie afhanklik is van sy natuurlike hulpbronne en vir 'n wesentliche gedeelte van ingevoerde tegnologie. Die SNO het 'n nasionale opname in die vervaardigingsektor gedoen in 'n poging om die mate van innoverende kapasiteite, bronne van kapasiteite en die tekortkominge in die omgewing en in interne bedrywighede van ondernemings wat verantwoordelik is vir Suid-Afrika se tekort aan innoverende kapasiteite, te identifiseer.

Die SNO is 'n statutêre wetenskaplike raad en is die sentrale agentskap van Suid-Afrika se wetenskaplike en tegnologiese gemeenskap. Die missie van die SNO is om te verseker dat menslike hulpbronne en kundighede in die wetenskap, opleiding en tegnologie op 'n gebalanseerde en bekostigbare wyse verskaf word in 'n strewe na ekonomiese groei en maatskaplike ontwikkeling in Suid-Afrika. Die SNO monitor plaaslike en internasionale kapasiteite en tendense in die wetenskap en tegnologie. Die organisasie het substansiële internasionale en plaaslike netwerke in die navorsings- en opleidingsgemeenskappe, asook in die kommersiële wêreld ontwikkel en aansienlike ondervinding in die komplekse beoefening van opname-gebaseerde navorsing. Die SNO databasisse en publikasies is 'n belangrike bron van inligting.

INNOVERENDE TENDENSE

Hierdie SNO opname en resultate vorm die basis en vertrekpunt van hierdie studie (spesifiek die empiriese studie) en dit is dus van belang om 'n deeglike begrip van die aard en omvang van die SNO opname en die belangrikste beperkinge, resultate en gevolgtrekkings te hê. Navorsing en ontwikkeling vorm

slegs 'n afdeling van die opname. Die doel van die opname oor navorsing en ontwikkeling was onder andere om vas te stel :

- of ondernemings hulle tot navorsing en ontwikkeling verbind;
- of navorsing en ontwikkeling verband hou met produk- of proses-innovasies;
- of samewerkingssooreenkomste met ander organisasies aangegaan word;
- wat die omvang van die koste is wat aan navorsing en ontwikkeling spandeer word. Ondernemings is ook versoek om voorbeelde te noem van navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite waartoe die betrokke onderneming verbind is.

In die SNO verslag word geen rekeningkundige verantwoordingsaspekte of die vereistes van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk bespreek nie. Dit is die doel van hierdie studie om die resultate van die SNO opname verder uit te brei, deur die finansiële jaarstate van maatskappye in die steekproef te ondersoek om vas te stel of dit die betrokke maatskappy se navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite redelik weerspieël en of daar aan die vereistes van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk, spesifiek Suid-Afrikaanse rekeningkundige standpunt RE122, *Navorsings- en Ontwikkelingskoste*, voldoen word.

In hierdie hoofstuk word die SNO se verslag oor innoverende tendense in Suid-Afrikaanse vervaardigingsondernemings bespreek. Die bepaling van die steekproef van ondernemings wat in die SNO opname ingesluit is en die belangrikste resultate en gevolgtrekkings wat gemaak is, word ook bespreek.

5.2 INNOVERENDE TENDENSE

Innovasie en tegnologiese veranderinge is noodsaaklik vir die ekonomiese groei in Suid-Afrika en stimuleer ontwikkelings- en tegnologiese behoeftes. Suid-Afrika se Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie het in September 1996

'n witskrif gepubliseer, getiteld *Science and Technology, Preparing for the 21st Century*. Die Witskrif beveel aan dat die mees toepaslike raamwerk vir die bevordering van interaksie en samewerking tussen belanghebbendes in die wetenskap, ingenieurswese en tegnologiese stelsels in Suid-Afrika, 'n nasionale stelsel van innovasie is.

Gedurende die afgelope twee dekades is aandag toenemend gevestig op innovasie en tegnologiese veranderinge, gedeeltelik weens die vinnige liberalisasie van internasionale markte. 'n Beleid van innovasie word gekenmerk deur 'n hoë graad van nasionale diversiteit - 'n gevolg van verskillende wetenskaplike en tegnologiese hulpbronne en verskillende tendense van industriële spesialisasie. Daar is min statistiese inligting oor tendense van innovasie tussen verskillende industrieë en tussen ondernemings binne dieselfde industrie, beskikbaar. Weens die toenemende belangrikheid van innovasie en die ontoepaslikheid van bestaande statistiese bronne, is daar in die verlede verskeie opnames oor innovasie op ondernemingsvlak in verskillende lande gemaak (Smith in FRD, 1997). Hierdie opnames het verskeie probleme ondervind en is nie gekoördineer nie. Die resultate van hierdie opnames is dus nie vergelykbaar met resultate van latere opnames nie.

Die Europese Vereniging het op versoek van die OECD, *Organisation for Economic Co-operation and Development*, 'n algemene vraelys oor innovasie geïmplementeer. Hierdie opname, bekend as die CIS (Community Innovation Survey), is aan alle geïdentifiseerde vervaardigingsondernemings in verskillende Europese lande gegee, met die bedoeling om 'n goeie reaksie te verseker. Inligting oor die volgende onderwerpe is versamel en ontleed :

- onkoste oor aktiwiteite wat verband hou met die innovasie van nuwe produkte en produksieprosesse;
- uitsette van nuwe produkte en verkoopsyfers van hierdie produkte;
- bronne van inligting wat relevant is vir innovasie;
- verkryging en oordrag van tegnologie;

- die prestasie van navorsing en ontwikkeling en tegnologiese samewerking; en
- persepsies van struikelblokke tot innovasie en faktore wat innovasie bevorder.

Ondernemings in Suid-Afrika word blootgestel aan 'n toenemend kompeterende handelsomgewing in beide plaaslike en internasionale markte. 'n Bepalende faktor in die vermoë van 'n onderneming om te oorleef en te groei, is die onderneming se vermoë om innoverend op te tree. Min inligting is egter beskikbaar oor die proses van innovasie in die Suid-Afrikaanse vervaardigingsomgewing en hoe dit beïnvloed word deur politieke veranderinge. Die SNO het gevolglik besluit om 'n gewysigde CIS te gebruik om soortgelyke data oor die Suid-Afrikaanse vervaardigingsindustrie te versamel en te ontleed.

Wysigings aan die CIS is aangebring om eerstens die spesifieke Suid-Afrikaanse omstandighede in ag te neem en tweedens 'n beperkte begroting te akkomodeer. Die SNO opname verskil egter nie in wese van die CIS nie. Die belangrikste veranderinge wat aan die CIS aangebring is, is die volgende :

- Sommige vrae is geëlimineer terwyl ander vereenvoudig is. Die meeste van die vrae wat geëlimineer is, hou verband met die oordrag van tegnologie.
- Sommige definisies en terme is gewysig, sodat dit meer volledig omskryf word.

Die CIS opname het alle vervaardigingsondernemings, innoverende sowel as nie-innoverende ondernemings, in hulle steekproef ingesluit. Die belangrikste verskil tussen die CIS en SNO opnames is die feit dat die SNO opname nie gemik was op alle Suid-Afrikaanse ondernemings in die vervaardigingsektor nie. Deur gebruik te maak van bestaande SNO lysste van vorige navorsings- en ontwikkelingsopnames, is ondernemings wat na verwagting innoverende aktiwiteite onderneem, geïdentifiseer en slegs hierdie ondernemings is in die

SNO opname ingesluit. Die SNO opname is derhalwe beduidend geweeg na bekende innoveerders. Nie alle innoveerders is noodwendig in die steekproef ingesluit nie. Die beskikbare begroting was die beperkende faktor en het die opvolging van onbeantwoorde vraelyste en ander opvolgaksies, verhoed. Die Suid-Afrikaanse opname kan dus nie in alle opsigte met die Europese opname vergelyk word nie.

Die SNO het navorsing en ontwikkeling as volg gedefinieer :

Basic research is experimental or theoretical word undertaken primarily to acquire new knowledge without any particular application or use in view.

Applied research is also original investigation undertaken in order to acquire new knowledge. It is however, directed primarily towards a specific practical aim or purpose.

Development is systematic work, drawing on existing knowledge gained from research and/or practical experience that is directed towards producing materials, products or devices, to installing new processes, systems and services, or to improving substantially those already produced or installed.

Bogenoemde definisies stem grotendeels ooreen met die definisies van navorsing en ontwikkeling in die toepaslike Suid-Afrikaanse rekeningkundige standpunte (sien hoofstuk 4). Vir rekeningkundige doeleindes word daar egter nie tussen basiese en toegepaste navorsing onderskei nie. Gevolglik kan daar aanvaar word, dat verwysings in die SNO verslag na *navorsing en ontwikkeling*, dieselfde navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite impliseer, as dié vir rekeningkundige doeleindes. Die SNO se definisies van produkinnovasie en prosesinnovasie is in hoofstuk 2 bespreek (sien punt 2.2.1).

5.3 STEEKPROEF

Die SNO het tussen Januarie en Mei 1996 altesaam 2 732 vraelyste aan sekere vervaardigingsondernemings in Suid-Afrika gestuur. Weens 'n beperkte begroting was dit nie moontlik om al 23 910 vervaardigingsondernemings in Suid-Afrika in die steekproef in te sluit nie. Die ondernemings wat aanvanklik

ingesluit is in die steekproef is eerstens verkry uit bestaande SNO lysste van ondernemings wat betrokke is by navorsing en ontwikkeling, en tweedens is ondernemings wat geselekteer is uit die Sentrale Statistiese Dienste se register van vervaardigingsondernemings, ingesluit.

Vraelyste is aan 'n tweede steekproef van ondernemings gestuur, om 'n redelike verteenwoordiging van die nasionale situasie, spesifiek met betrekking tot werknemers se betrokkenheid by innovasie en die verwantskap tussen innovasie en navorsings- en ontwikkelingskoste, te verseker. Die 1995 Kompaslys (gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Buitelandse Handelsorganisasie in assosiasie met die Departement van Handel en Nywerheid) van Suid-Afrikaanse ondernemings is gebruik om 471 vervaardigingsondernemings wat nie in die eerste steekproef ingesluit is nie, te selekteer. Die Kompaslys is as 'n gerieflike bron beskou, omdat vervaardigingsondernemings duidelik identifiseer word en die tipe produkte wat vervaardig word, asook adresse van die ondernemings aangedui word. In die praktyk neig die Kompaslys egter om eerder medium en groter ondernemings in te sluit, terwyl kleiner- en mikro-ondernemings nie goed verteenwoordig word nie.

Figuur 5.1 : Die resultaat van voltooide vraelyste terugontvang

	Vraelyste versprei	Vraelyste voltooi	%	Voltooide vraelyste	
				Omset gerapporteer in 1994 (Rmiljoen)	Aantal werknemers in 1994
Steekproef 1	2 261	219	10	72 957	205 515
Steekproef 2	471	25	5	490	1 957
Totaal	2 732	244	9	73 447	207 472

Altesaam 244 voltooide vraelyste is teen die keerdatum van 30 Junie 1996 terugontvang. 'n Lys van die ondernemings wat die vraelyste voltooi het, word in Bylae A ingesluit.

5.4 BEPERKINGE VAN DIE OPNAME

Die aanvanklike opname is gemik op groot ondernemings, spesifiek genoteerde maatskappye, wat betrokke is by navorsing, ontwikkeling en innovasie. Die tweede opname is gemik op medium en groter ondernemings. Die bevindinge van die opname is dus meer geweeg tot groter ondernemings. Daar is bevind dat relatief min ondernemings wat nie gemoeid met innovasie is nie, die vraelyste voltooi het, ten spyte van 'n spesifieke versoek dat sodanige ondernemings die vraelyste (spesifiek die gedeelte wat betrekking het op faktore wat innovasie verhinder en/of bemoeilik) moet voltooi. Die opname is dus geweeg tot maatskappye betrokke by innovasie.

Die Europese opname het gepoog om 'n vergelyking te maak tussen nie-innoverende ondernemings en ondernemings wat gemoeid is met innovasie. In die Suid-Afrikaanse opname was geen sinvolle data rakende nie-innoverende ondernemings beskikbaar nie en geen vergelykings kon soos in die Europese opname gemaak word nie. Die gevolg was dat die Suid-Afrikaanse opname grootliks die antwoorde en data van *innoverende* vervaardigingsondernemings reflekteer.

Die resultate van die opname is in verskillende grootte klasse van ondernemings ingedeel. Die grootte klasse wat gebruik is, was dieselfde grootte klasse as die CIS klasse, naamlik klasse gebaseer op die aantal werknemers. Ondernemings wat nie die aantal werknemers aangedui het nie, is ingedeel in die groep "onbekend". Die vier klasse wat gebruik is, is die volgende :

- minder as 50 werknemers (kleinste ondernemings);
- 50-249 werknemers (kleiner ondernemings);

- 250-499 werknemers (groter ondernemings); en
- meer as 499 werknemers (grootste ondernemings).

Die inligting wat versamel is, is versprei oor elf verskillende vervaardigings-industrieë. Die vraelyste het sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe inligting ingesluit. Ondernemings moes slegs ramings van kwantitatiewe inligting (byvoorbeeld die koste spandeer aan innovasie) gee. Die opname het gefokus op kwalitatiewe inligting (byvoorbeeld die faktore wat innovasie beïnvloed) en die doel met die kwantitatiewe inligting was slegs om verdere insig in die stand van innovasie in die vervaardigingsektor in Suid-Afrika te verkry.

Ondernemings is versoek om verslag te doen oor inligting vir die 1994 finansiële jaar. 'n Aantal ondernemings het aangetoon dat wesentlike besluite rakende hulle beleggings en produksie ná 1994 geneem is en dat ramings vir die 1995 finansiële jaar baie meer innoverende aktiwiteite getoon het. Uittreksels uit die vraelys wat in die SNO opname gebruik is, word in Bylae B ingesluit. Die SNO glo dat die bevindings van die opname oor innoverende tendense in die vervaardigingsektor in alle opsigte betroubaar is.

5.5 RESULTATE EN GEVOLGTREKKINGS

Die SNO het bevind dat innoverende tendense en -faktore beduidend verskil tussen verskillende vervaardigingsindustrieë en tussen verskillende ondernemingsgroottes. Baie van die betekenisvolheid van die data in die opname kom voor in ontledings op die vlak van 'n spesifieke industrie of ondernemingsgrootte. Die SNO het die hoop uitgespreek dat navorsers en beleidsontleders die inligting sal gebruik om mikro-tendense van innovasie te onthul.

Weens die verskillende behoeftes van ondernemings, die plasing van 'n onderneming in 'n spesifieke industriële sektor, verskillende ondernemingsgroottes en die eiesoortigheid van faktore op ondernemingsvlak, behoort 'n

beleid wat innoverende tendense ondersteun buigsaam en gedentraliseerd te wees, en ook vir die spesifieke behoeftes van die klant ontwerp te word. Die volgende is die belangrikste bevindinge van die SNO opname.

5.5.1 Algemene inligting

'n Ontleding van die ondernemingstruktuur van die 244 ondernemings wat die vraelyste voltooi het, het getoon dat 52% van die ondernemings onafhanklik was, terwyl 48% deel van 'n groep maatskappye was. Van die ondernemings wat deel van 'n groep was, was 81% volfiliale. Van die ondernemings wat hulle ligging aangetoon het, was 76% in Suid-Afrika geleë, terwyl minstens 24% van hierdie ondernemings 'n hoofkantoor of houermaatskappy in die buiteland gehad het.

Daar is verwag dat daar 'n sterk korrelasie tussen die innovasie-intensiteit en die uitvoeroriëntasie van 'n onderneming sou wees. Die bevindinge het egter aangetoon dat die innovasieprogramme van slegs enkele ondernemings in Suid-Afrika die prestasie van uitvoere verbeter het. Dit kon moontlik die gevolg van die ekonomiese isolasie in die verlede gewees het.

Ondernemings is versoek om aan te dui of hulle innoverende aktiwiteite onderneem en of die onderneming beplan om homself binne die volgende twee jaar (1995 tot 1996) tot produk- of prosesinnovasie te verbind. Van die respondente was 79% betrokke by innoverende aktiwiteite (die hoë persentasie hoofsaaklik weens die keuse van die steekproefitems). Slegs 17% van die ondernemings het aangedui dat hulle geen betrokkenheid by innovasie gehad het nie, terwyl 4% nie die vraag beantwoord het nie. Van die ondernemings wat wel betrokke by innoverende aktiwiteite was, het 77% aangedui dat hulle wel gedurende die volgende twee jaar verbind sal wees tot innovasie. Die meerderheid van die ondernemings (75%) het verder ook aangedui dat die onderneming meer innoverend gedurende die jaar opgetree het, as die voorafgaande drie jare. Dit blyk dus dat innovasie in Suid-Afrikaanse

vervaardigingsondernemings aan die toeneem is.

Die onderstaande tabel toon die totale koste vir innovasie en navorsings- en ontwikkelingskoste wat gerapporteer is, as persentasie van die onderneming se totale omset. Die werknemers betrokke by innovasie word as persentasie van die totale werknemers uitgedruk. Hierdie ontledings word verder volgens die grootte van die onderneming getoon.

Figuur 5.2 : Totale koste vir innovasie en navorsing en ontwikkeling, volgens die grootte van die onderneming

Grootte van onderneming	Werknemers betrokke by innovasie as persentasie van totale werknemers %	Totale koste van innovasie as persentasie van omset %	Navorsings- en ontwikkelingskoste as persentasie van omset %	Navorsings- en ontwikkelingskoste as persentasie van totale innovasie %
<50	12.27	2.99	0.69	23.15
50 - 249	7.04	12.85	2.83	19.08
250 - 499	4.33	2.01	1.09	54.22
>499	3.62	3.77	1.57	41.58
Totaal	3.84	4.91	1.55	31.56

Bron : Foundation for Research Development (FRD). 1997. *Innovation patterns in South African manufacturing firms*. Pretoria: FDR, p17.

Die totale koste van innovasie vir alle ondernemings verteenwoordig 4.9% van die totale omset. Die industrieë wat die mees innoverend-intensief blyk te wees, is die metaalprodukte, masjinerie en toerusting industrieë.

Die Europese opname het getoon dat 'n onderneming se verbintenis tot innovasie toeneem in verhouding tot die toename in die grootte van die

onderneming. Dieselfde tendens kom ook in die Suid-Afrikaanse opname voor, soos uit bogenoemde tabel afgelei kan word. In die grootste ondernemings (>499 werknemers) was 86% betrokke by innovasie. Van die Europese lande wat in die CIS opname ingesluit is, het die grootste ondernemings (>499 werknemers) minstens 'n 90% betrokkenheid by innovasie getoon, met die uitsondering van Frankryk en Italië wat elk 'n 88% betrokkenheid getoon het. Die grootste ondernemings in Suid-Afrika toon dus 'n laer persentasie van betrokkenheid by innovasie (86%) as enige van die grootste ondernemings in Europese lande, wat in die CIS opname ingesluit is.

5.5.2 Doelwitte van innovasie

Die SNO wou vasstel om welke redes ondernemings hulle tot innovasie verbind en of innovasie deel vorm van die gestelde doelwitte van 'n onderneming volgens die strategie van die onderneming. Die meeste innovasie is gerig op die uitbreiding van bestaande produkreekses, eerder as op die ontwikkeling van radikale nuwe produkte. 'n Belangrike algemene doelwit van ondernemings wat innoverende aktiwiteite onderneem, is om nuwe markte vir hulle produkte te skep. Weens die toenemende kompetisie in plaaslike markte en liberalisasie word daar verwag dat ondernemings innoverende aktiwiteite behoort te onderneem om nuwe uitvoermarkte te bekom. Die opname het egter getoon dat die plaaslike mark belangriker as die uitvoermark, vir innovasie geag word.

Ondernemings koppel 'n redelike beperkte mate van belangrikheid aan die doelwit om produksiekoste te verminder. Dit wil voorkom of die toename in produktiwiteit 'n belangrike aangeleentheid is, met 84% van die ondernemings wat aangetoon het dat dit 'n baie beduidende of noodsaaklike doelwit van innovasie is.

Twee ander belangrike doelwitte van innovasie wat gestel is, is die verbetering van die kwaliteit van produkte en 'n toename in die markaandeel. Markverwante faktore (spesifiek die kwaliteit van produkte en die onderneming se mark-

aandeel), eerder as faktore wat verband hou met die koste van produksie, motiveer ondernemings om innoverende aktiwiteite te onderneem. Dit toon aan dat ondernemings die eienskappe en behoeftes van hulle produkte en produkreekse net so belangrik vir hulle kompeterende posisie ag, as die koste daarvan. Soortgelyke bevindings oor die belangrikheid van produkverwante, in teenstelling met kosteverwante, faktore is in die Europese opname gemaak.

Ander doelwitte met innovasie wat die ondernemings gestel het, sluit die volgende in :

- behoud van die onderneming se markaandeel;
- reaksie op die optrede van mededingers;
- vermindering van die reaksietyd tot aanvraage in die mark;
- vervanging van produkte wat uutfaseer is;
- die onderneming se reaksie op nuwe regulasies;
- die verbetering van werkstoestande; en
- die vermindering van skade aan die omgewing.

5.5.3 Bronne van inligting vir innovasie

Ondernemings benodig inligting om innoverend te kan optree. Inligting kan by die onderneming self, of uit eksterne bronne verkry word. Vir Suid-Afrikaanse vervaardigingsondernemings word die meeste inligting intern gegenereer. Die meeste ondernemings het aangedui dat die bemarkingsafdelings en navorsings- en ontwikkelingsafdelings die belangrikste of beduidendste bronne van inligting vir innovasie is. Ander interne bronne wat geïdentifiseer is, sluit die bestuur van die onderneming en produksieafdelings in. Werknemers word deur 37% van die ondernemings as 'n onbeduidende bron van inligting vir innovasie, geag. Internasionale studies het aangetoon dat produksieafdelings en werknemers die bronne van verhoogde innovasie is, byvoorbeeld deur gebruik te maak van werknemersgesentreerde kwaliteitsbeheerde programme. Die SNO kom tot die gevolgtrekking dat vervaardigingsondernemings in Suid-Afrika swak daarin is om

verhoogde innovasie te genereer.

'n Duidelike verwantskap tussen die belangrikheid wat ondernemings aan navorsing en ontwikkeling koppel en die grootte van die onderneming, is aangetoon. Van die groot ondernemings het 71% aangetoon dat hulle navorsing en ontwikkeling as die belangrikste interne bron van inligting vir innovasie, beskou.

Kliënte en klante is geïdentifiseer as die belangrikste eksterne bronne van inligting vir innovasie. Verskaffers word as 'n redelike onbeduidende bron van inligting geag. Dit dui daarop dat beperkte interaksie met verskaffers en beperkte innovasie in die verskaffersketting beduidende faktore is, wat die innovasieprestasie van Suid-Afrikaanse vervaardigingsondernemings beperk.

Opvoedkundige en staatkundige navorsingsinstellings word nie as belangrike bronne van innovasie geag nie. Wetenskaplike rade (soos die WNNR, SABS en Mintek) is as beduidende of kritieke bronne van inligting deur 23% van die respondente geag, gevolg deur universiteite (20%), teknikons (14%) en staatsdepartemente (8%).

Ondernemings het die volgende algemeen beskikbare inligting as inligtingsbronne vir innovasie geïdentifiseer :

- professionele- en handelstydskrifte;
- handelstentoonstellings;
- professionele konferensies/seminare;
- internetinligtingstelsels; en
- oorsese besoeke.

5.5.4 Onlangse innovasies

Ondernemings is versoek om voorbeelde van die belangrikste innovasies in die

betrokke onderneming gedurende die tydperk 1992 tot 1994 te lys. Meer as 500 spesifieke innovasies is genoem. Produkinnovasies neig om meer algemeen te wees, alhoewel prosesinnovasies ook redelik voorgekom het. Die volgende is enkele van die voorbeelde wat gelys is :

- lasersortering van vrugte;
- verbeterde produksieprosesse om melk- en vrugtesapverspilling te minimaliseer;
- nuwe tydskakelaar vir swembaddens;
- lugversorgde stelsel vir volstruiskuikens;
- internasionaal gepatenteerde voertuigopsporingstelsel; en
- vooruitbetaalde metereenhede.

5.5.5 Invloed van innoverende aktiwiteite

Een van die probleme om navorsing en ontwikkeling op ondernemingsvlak te meet, is dat dit baie moeilik is om die resultate van die aktiwiteite te bepaal. Die meting van uitsette is egter kritiek om die invloed van innoverende aktiwiteite te kan bepaal. Produkinnovasie word gemeet as die gedeelte van verkope wat die resultaat van nuwe of gewysigde produkte was. Die rede waarom produkinnovasie gebruik is om die invloed van innoverende aktiwiteite te bepaal, is omdat dit (anders as ander dimensies van innovasie) wel geskik vir meting is. Produkinnovasies in plaaslike verkope was hoër as in uitvoere. Daar is min bewyse dat daar enige beduidende korrelasie bestaan tussen die uitvoeroriëntering van 'n onderneming en 'n hoër vlak van innovasie.

Figuur 5.3 toon die persentasie van ondernemings wat meer of minder innoverend as die voorafgaande drie jaar (voor 1994) was. Daar is 'n duidelike tendens in alle industrieë dat ondernemings in dié tydperk meer innoverend opgetree het, as gedurende die voorafgaande drie jaar. Die persentasie van ondernemings wat meer innoverend opgetree het, het positief toegeneem namate die grootte van die onderneming toegeneem het. Hierdie tendens

bevestig dat groter ondernemings meer betrokke by innovasie is en toenemend meer innoverende aktiwiteite onderneem, as kleiner ondernemings.

Figuur 5.3 : Persentasie van ondernemings wat meer of minder innoverend as die voorafgaande drie jaar was

Grootte van onderneming	Meer innoverend %	Minder innoverend %	Onbekend %
<50	67.1	5.5	27.4
50 - 249	77.1	4.9	18.0
250 - 499	86.4	4.6	9.1
>499	85.9	6.3	7.8
Onbekend	66.7	0.0	33.3
Totaal	76.2	4.9	18.9

Bron : Foundation for Research Development (FRD). 1997. *Innovation patterns in South African manufacturing firms*. Pretoria: FDR, p50.

5.5.6 Navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite

Die Suid-Afrikaanse opname het gefokus op die ondersoek van innovasie. 'n Belangrike gedeelte van innoverende aktiwiteite van ondernemings is navorsing en ontwikkeling. Meer as 70% van die ondernemings wat in die steekproef ingesluit is, het navorsing en ontwikkeling onderneem. Die hoë persentasie van betrokkenheid by navorsing en ontwikkeling, is hoofsaaklik weens die metode waarop die steekproefitems geselekteer is.

Die grootte van 'n onderneming is 'n beduidende faktor wanneer 'n tendens in ondernemings om navorsing en ontwikkeling uit te voer, bepaal word. Van die groot ondernemings het 83% aangedui dat hulle betrokke is by navorsing en ontwikkeling. Daar is dus 'n duidelike en konstante korrelasie tussen die grootte van 'n onderneming en die geneigdheid van ondernemings om navorsing en

ontwikkeling te onderneem.

Die spesifieke industrie waarin 'n onderneming bedryf word, is ook 'n aanduiding van die geneigdheid van die onderneming tot navorsing en ontwikkeling. Industrieë wat gekenmerk word deur 'n hoë koers van tegnologiese veranderinge, byvoorbeeld die radio, televisie, kommunikasietoerusting en -instrumente en die elektroniese industrie, het 'n aansienlik groter betrokkenheid by navorsing en ontwikkeling getoon, as ander industrieë.

Figuur 5.4 : Betrokkenheid van ondernemings by navorsing en ontwikkeling

Grootte van onderneming	Aantal respondente	Persentasie van ondernemings betrokke by navorsing en ontwikkeling in 1994 %	Persentasie van ondernemings wat navorsing en ontwikkeling deurlopend uitvoer %	Persentasie van ondernemings wat meer ontwikkeling as navorsing doen %
<50	73	57.5	35.6	57.5
50 - 249	61	72.1	50.8	67.2
250 - 499	22	81.8	77.3	81.8
>499	64	82.8	73.4	78.1
Onbekend	24	62.5	54.2	25.0
Totaal	244	70.5	54.9	64.3

Bron : Foundation for Research Development (FRD). 1997. *Innovation patterns in South African manufacturing firms*. Pretoria: FDR, p54.

Weens die belangrikheid van navorsing en ontwikkeling kan daar verwag word dat ondernemings geneig is om navorsing en ontwikkeling op 'n deurlopende grondslag, eerder as periodiek, te onderneem. Slegs 55% van die ondernemings het aangetoon dat navorsing en ontwikkeling op 'n deurlopende grondslag uitgevoer word. Die feit dat net meer as die helfte van die ondernemings wat in

die opname ingesluit is, navorsing en ontwikkeling as 'n permanente aktiwiteit van die onderneming beskou, is kommerwekkend. In vergelyking met Europese lande voer relatief min Suid-Afrikaanse vervaardigingsondernemings (selfs innoverende ondernemings) navorsing en ontwikkeling op 'n deurlopende grondslag uit.

Samewerking in navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite sluit in die generering van nuwe kennis binne die onderneming en die ruil van kennis en tegnologie tussen die onderneming en sy medewerkers. Internasionaal word die geneigdheid tot samewerking in navorsing en ontwikkeling as toenemend belangrik beskou vir die innoverende aktiwiteite van 'n onderneming. Van die innoverende ondernemings was 64% betrokke by navorsing en ontwikkeling in samewerking met minstens een buiteparty. Ander ondernemings, gevolg deur opvoedkundige instellings, wetenskaplike rade en staatslaboratoriums, is as die belangrikste samewerkingspartye geïdentifiseer. Ondernemings wat betrokke is by navorsing en ontwikkeling samewerkings is verantwoordelik vir 'n groot gedeelte van nuwe of veranderde produkte. Daar is egter geen aanduiding dat samewerking meer innoverend is by ondernemings wat betrokke is by navorsing en ontwikkeling, as by ander ondernemings nie.

5.5.7 Faktore wat innovasie strem

Vir Suid-Afrikaanse vervaardigingsondernemings vorm ekonomiese faktore die grootste hindernis vir innovasie. 'n Tekort aan toepaslike bronne van finansiering word geag die mees beduidende nadeel vir innovasie in Suid-Afrika te wees (dit geld spesifiek ook vir kleiner ondernemings). Dit stem ooreen met bevindings van die Europese opname. Dit wil egter voorkom asof 'n tekort aan bronne van finansiering 'n belangriker faktor in Europese lande is, as wat dit vir groter ondernemings in Suid-Afrika is. Daar is ook bevind dat die belangrikheid van finansiering vir innovasie aansienlik gevarieer het tussen die verskillende industrieë. Ander ekonomiese faktore wat deur ondernemings geïdentifiseer is as faktore wat innovasie strem, sluit onder andere die volgende in :

- die devaluasie van die Rand en die gevolglike effek daarvan op die pryse van invoer; en
- die vermindering van winste weens hoë belastings, wat tot gevolg het dat min kapitaal beskikbaar is om in innovasie te investeer.

Ondernemingsfaktore word ook as redelik beduidende hindernisse tot innovasie deur ondernemings geag, alhoewel dit minder belangrik as ekonomiese faktore is. 'n Tekort aan ingeligte en opgeleide personeel was 'n groot probleem vir kleiner ondernemings. Dit is 'n aanduiding dat kleiner ondernemings spesifiek baat daarby sal vind, indien 'n beleid vir innovasie ontwerp word om spesifiek in die inligtingsbehoefte te voorsien. In filiaal-maatskappye is teenstand van die houermaatskappy nie as beperkende faktor vir innovasie geag nie. Ander beperkende faktore wat van minder belang is, wat deur ondernemings geïdentifiseer is, sluit die volgende in: tekort aan tegnologiese inligting; tekort aan inligting oor markte; tekort aan inligting oor produkte van kompeteerdere; teenstand deur die onderneming tot verandering; tekortkominge in die beskikbaarheid van eksterne tegniese advies en 'n tekort aan geleentheid vir samewerking met ander ondernemings en tegnologiese instansies.

5.6 OPSOMMING

in die SNO opname is waardevolle inligting oor innovasie en navorsing en ontwikkeling versamel en ontleed. Verskeie innoverende tendense in Suid-Afrikaanse vervaardigingsondernemings is geïdentifiseer. Die onderstaande is 'n opsomming van die belangrikste bevindinge van die SNO opname.

- Vir die Suid-Afrikaanse vervaardigingssektor in die algemeen, en vir kleiner vervaardigingsondernemings spesifiek, is navorsing en ontwikkeling alleen 'n swak aanduiding van innovasie.
- Aangesien innovasie, spesifiek produkinnowasie, ontwerp word om bestaande markte te verseker/beveilig, sal dit waarskynlik lei tot

verhoogde uitsette. 'n Beleid wat innovasie ondersteun sal gevolglik ook werkverskaffing bevorder.

- Daar is 'n behoefte om effektiewe skakeling tussen ondernemings en opvoedkundige instellings, ander ondernemings en wetenskaplike instellings te bewerkstellig. Dit geld spesifiek ook vir kleiner ondernemings.
- Die versekering van makliker toegang tot finansiering, sal innovasie bevorder (spesifiek ook vir kleiner ondernemings).
- Die lae vlak van belangrikheid wat aan verskaffers gekoppel word, onderstreep die noodsaaklikheid van 'n beleid wat die verskaffingsiklus versterk.
- Daar is aansienlike geleenthede vir 'n beleid wat ondernemings motiveer om meer aktief produksieafdelings en werknemers by innoverende aktiwiteite te betrek.
- Dit is onwaarskynlik dat 'n beleid wat ontbondeling of samesmeltingstrukture van ondernemings aanbeveel, 'n direkte beduidende invloed op die totale vlak van innoverende aktiwiteite in Suid-Afrikaanse vervaardigingsondernemings sal hê.
- In die geheel gesien, sal optrede om die invloed van lisensie-ooreenkomste te beperk, nie 'n beduidende invloed op innovasie hê nie.
- Verhoogde innovasie alleen sal gewoonlik nie tot wesentliche toenames in vervaardigingsuitvoere lei nie. Die verhouding tussen groei in uitvoere en innovasie kan egter beduidend wees in sekere industrieë.
- 'n Beleid wat innovasie bevorder, moet spesifiek ook innoverende

aktiwiteite wat nie navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite is nie, aanmoedig.

EMPIRIESE STUDIE

In die volgende hoofstuk word die inligting wat die SNO versamel het oor ondernemings met meer as 499 werknemers (groot ondernemings) en spesifiek ook die ondernemings se betrokkenheid by innovasie en navorsing en ontwikkeling verder uitgebrei, deur te kyk na die openbaarmaking van hierdie aktiwiteite in die maatskappye se finansiële state.

HOOFSTUK 6

EMPIRIESE STUDIE

6.1 INLEIDING

In hoofstuk 4 is die vereistes van die Suid-Afrikaanse rekeningkundige standpunte RE122, *Navorsings- en Ontwikkelingskoste*, en RE129, *Ontasbare Bates*, wat RE122 op 1 Januarie 2000 vervang, bespreek. Beide standpunte vereis dat navorsingskoste as uitgawe erken word in die tydperk waarin dit aangegaan word en dat ontwikkelingskoste as uitgawe erken word in die tydperk waarin dit aangegaan word, tensy daar aan sekere kriteria voldoen word, in welke geval die ontwikkelingskoste as 'n ontasbare bate erken moet word.

RE129, *Ontasbare Bates*, stel dieselfde rekeningkundige verantwoordingsvereistes vir navorsings- en ontwikkelingskoste as RE122 wat op 1 Januarie 1994 in werking getree het. Beide standpunte vereis die openbaarmaking van die totale navorsings- en ontwikkelingskoste wat in die betrokke tydperk as uitgawe erken is en 'n rekonsiliasie van die saldo van ongeamortiseerde ontwikkelingskoste (ontasbare bate) aan die begin en einde van die rekenpligtige tydperk. RE122 vereis ook dat die rekeningkundige beleid wat vir navorsings- en ontwikkelingskoste aanvaar is, openbaar word (nie vereiste openbaarmaking in terme van RE129 nie).

Verskeie praktiese probleme hang saam met die implementering van die toepaslike rekeningkundige standaarde met betrekking tot innovasie en navorsings- en ontwikkelingskoste, in die algemeen. Hierdie stelling word ondersteun deur die feit dat daar internasionaal nog nie eenstemmigheid bereik is oor die mees toepaslike rekeningkundige verantwoordingsmetode vir ontasbare bates en spesifiek ook navorsings- en ontwikkelingskoste nie.

In die Verenigde State van Amerika word alle navorsings- en ontwikkelingskoste

onmiddellik as uitgawe erken (SFAS2, 1974). Ondernemings in die Verenigde Koninkryk erken navorsingskoste onmiddellik as uitgawe en het die keuse om ontwikkelingskoste óf onmiddellik as uitgawe te erken, óf om die koste te kapitaliseer, indien daar aan sekere gestelde vereistes voldoen word. In Kanada (CICA, 1990:Section 3450) en Nieu-Seeland (FRS13, 1995) word navorsingskoste onmiddellik as uitgawe erken, terwyl ontwikkelingskoste gekapitaliseer moet word, indien daar aan spesifieke kriteria vir kapitalisering, voldoen word. In Australië (AAS13, 1983) kan beide navorsingskoste en ontwikkelingskoste gekapitaliseer word, afhangend van die mate van sekerheid dat sodanige koste in toekomstige rekeningkundige tydperke verhaalbaar sal wees. Die internasionale standpunt, IAS9 (1993), vereis ook dat navorsingskoste onmiddellik as uitgawe erken word en dat ontwikkelingskoste gekapitaliseer moet word, mits daar aan die vereiste kapitaliseringskriteria voldoen word.

In hoofstuk 5 is die resultate van die SNO opname, *Innovation Patterns in South African Manufacturing Firms* (Oktober 1997), opgesom en bespreek. Die SNO het onder andere bevind dat daar 'n duidelike korrelasie is tussen die grootte van 'n onderneming en die waarskynlikheid dat navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite uitgevoer word. Groter ondernemings (ondernemings met meer as 499 werknemers) is meer betrokke by navorsing en ontwikkeling, as kleiner ondernemings. Daar word ook aangetoon dat ondernemings navorsing en ontwikkeling op 'n deurlopende grondslag uitvoer, weens die belangrikheid daarvan.

In hierdie empiriese studie word die resultate van die SNO opname wat spesifiek betrekking het op navorsing en ontwikkeling verder ontleed en deurgevolg na die toepaslike finansiële jaarstate van maatskappye. Daar word bepaal of die betrokkenheid van maatskappye by navorsing en ontwikkeling wel in hulle finansiële jaarstate weerspieël word en of navorsings- en ontwikkelingskoste aan die vereiste rekeningkundige verantwoordingsmetodes en openbaarmakingsvereistes ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk, voldoen.

6.2 DOEL VAN DIE EMPIRIESE STUDIE

Die doel van hierdie studie is om te bepaal of opstellers van finansiële jaarstate voldoen aan die vereiste rekeningkundige verantwoordingsmetodes en openbaarmakingvereistes volgens RE122, *Navorsings- en Ontwikkelingskoste*, aangesien hierdie standpunt in plek was in 1994 toe die SNO opname plaasgevind het.

Aangesien navorsing en ontwikkeling noodsaaklik is vir die voortbestaan van baie ondernemings en weens die sensitiewe aard van inligting oor navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite, word addisionele inligting wat maatskappye met betrekking tot navorsing en ontwikkeling in hulle finansiële jaarstate geopenbaar het, ook geëvalueer. Hierdie addisionele inligting verwys na inligting wat nie die vereiste minimum openbaarmaking volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk, is nie.

In die SNO opname is waardevolle inligting oor sekere ondernemings se navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite versamel. Die doel van die opname was hoofsaaklik om tendense van innovasie in Suid-Afrikaanse vervaardigings-ondernemings vas te stel. Die toepaslikheid van die rekeningkundige verantwoordingsmetode en openbaarmaking van navorsings- en ontwikkelingskoste ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk, is nie beoordeel nie. Geen ontleding en vertolking van die betrokke maatskappye se finansiële jaarstate is gedoen nie.

Die SNO het die maatskappye wat in hulle opname ingesluit is, se antwoorde op die betrokke vrae vir doeleindes van hierdie studie, beskikbaar gestel. Die doel van hierdie empiriese studie is om publieke maatskappye se antwoorde op spesifieke vrae met betrekking tot navorsing en ontwikkeling te ontleed en met die toepaslike inligting wat in die betrokke maatskappye se 1994 finansiële jaarstate weergegee word, te vergelyk. Daar word dus bepaal of die maatskappye se finansiële jaarstate die werklike navorsings- en ontwikkelings-

6.3 aktiwiteite wat gedurende die betrokke jaar onderneem is, redelik weergee.

Die spesifieke rekeningkundige verantwoordingsmetode en openbaarmaking van navorsings- en ontwikkelingskoste in die finansiële jaarstate van die maatskappye word vergelyk met die toepaslike vereistes van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk, om te bepaal in welke mate maatskappye die vereistes van RE122 prakties implementeer. Die finansiële jaarstate vir die daaropvolgende drie jare, naamlik 1995 tot 1997, word ontleed om enige tendense in die rekeningkundige verantwoording en openbaarmaking van navorsings- en ontwikkelingskoste te identifiseer.

Die inligting wat uit die SNO vraelys bekom is en wat spesifiek vir doeleindes van hierdie studie in ag geneem is, sluit die volgende in :

- 'n raming van die onderneming se totale uitgawe aan innoverende aktiwiteite in 1994;
- bronne van innovasie;
- die persentasie van die totale innovasie-uitgawe wat aan navorsing en ontwikkeling toeskryfbaar is;
- 'n lys van voorbeelde van beduidende innovasies in die onderneming gedurende die tydperk 1992 tot 1994;
- die onderneming se verbintenis tot navorsing en ontwikkeling in 1994;
- in welke mate navorsing en ontwikkeling op 'n deurlopende grondslag uitgevoer word;
- of meer ontwikkeling as navorsing gedoen is;
- die persentasie van navorsing en ontwikkeling wat verband hou met produk- en prosesinnovasies;
- die totale navorsings- en ontwikkelingskoste aangegaan in 1994; en
- die aantal werknemers.

ander onderneemings	9	0
Totaal	25	25

6.3 STEEKPROEF

Die doel van hierdie studie is om die finansiële state van 'n aantal maatskappye wat wel navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite onderneem, te evalueer. Maatskappye wat navorsings- en ontwikkelingskoste aangaan, vorm nie 'n homogene populasie nie (Freeman, 1994; Nixon, 1997). Aangesien Suid-Afrikaanse ondernemings wat wel by navorsing en ontwikkeling betrokke is reeds in die SNO geïdentifiseer is, en toepaslike inligting oor die omvang van navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite versamel is, is die maatskappye wat in die SNO opname ingesluit is, vir doeleindes van hierdie empiriese studie as die populasie gekies.

Die SNO het bevind dat die verbintenis van 'n onderneming tot innovasie toeneem in verhouding tot die grootte van die onderneming en hierdie tendens is ook in ander studies aangetoon (FRD, 1997:19). Gevolglik is slegs die groter ondernemings (ondernemings met meer as 499 werknemers) wat in die SNO opname ingesluit is, as die populasie vir hierdie empiriese studie gedefinieer. Alle ondernemings in die SNO opname met minder as 500 werknemers, word dus in hierdie studie geïgnoreer. Sodoende word die waarskynlikheid dat 'n maatskappy wat geselekteer word, wel gedurende die jaar navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite onderneem het, verhoog.

Figuur 6.1 : Steekproef van maatskappye

<i>Tipe maatskappy</i>	Totale aantal maatskappye	Maatskappye geselekteer	%
Publieke genoteerde maatskappye	15	15	100
Publieke ongenoteerde maatskappye	6	1	17
Privaatmaatskappye	35	-	0
Ander ondernemings	9	-	0
Totaal	65	16	25

Die *ander ondernemings* waarna in figuur 6.1 verwys word, sluit onder andere beslote korporasies, verenigings, takke en divisies in. Privaatmaatskappye en ander ondernemings is nie in die steekproef ingesluit nie omdat die finansiële jaarstate van hierdie ondernemings moeilik bekombaar is, en nie vir insae deur die algemene publiek beskikbaar is nie.

Slegs een publieke ongenoteerde maatskappy is in die steekproef ingesluit omdat pogings om hierdie maatskappye se finansiële state by die Registrateur van Maatskappye te bekom, nie suksesvol was nie. Geeneen van die publieke ongenoteerde maatskappye se 1994 tot 1997 finansiële state is by die Registrateur van Maatskappye verkrygbaar nie. Twee van hierdie maatskappye is in Gauteng en dié maatskappye is persoonlik genader en is versoek om hulle finansiële state vir doeleindes van hierdie studie beskikbaar te stel. Slegs een van dié maatskappye het sy 1994 tot 1997 finansiële state beskikbaar gestel. 'n Lys van al die ondernemings wat in die SNO opname ingesluit is, word in Bylae A getoon, terwyl maatskappye wat in hierdie studie ingesluit is, ook in dié bylae aangedui word.

6.4 NAVORSINGSRESULTATE

In hierdie gedeelte word die bevindings van die empiriese studie ontleed en aangebied. Waar van toepassing, word vergelykings met vorige studies gemaak.

6.4.1 Betrokkenheid van geselekteerde maatskappye by navorsing en ontwikkeling

Figuur 6.2 toon die Suid-Afrikaanse publieke maatskappye wat in die steekproef ingesluit is se betrokkenheid by navorsing en ontwikkeling, asook die mate waarin hierdie maatskappye navorsing en ontwikkeling op 'n deurlopende grondslag uitvoer.

Figuur 6.2 : Betrokkenheid van maatskappye by navorsing en ontwikkeling

<i>Betrokkenheid by navorsing en ontwikkeling</i>	Publieke maatskappye %
Maatskappye betrokke by navorsing en ontwikkeling	100
Maatskappye wat navorsing en ontwikkeling deurlopend uitvoer	81

Die hoë persentasie betrokkenheid van die maatskappye by navorsing en ontwikkeling is hoofsaaklik weens die keuse van die steekproef. Aangesien alle maatskappye in die steekproef wel navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite onderneem het en 81% van die maatskappye navorsing en ontwikkeling op 'n deurlopende grondslag uitvoer, sal betekenisvolle inligting verkry word deur die finansiële jaarstate van die betrokke maatskappye te ondersoek.

'n Ondersoek van hierdie maatskappye se finansiële jaarstate sal aantoon in welke mate die maatskappye se werklike betrokkenheid by navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite in die finansiële jaarstate weerspieël word.

6.4.2 Navorsings- en ontwikkelingskoste

Navorsings- en ontwikkelingskoste word aan die hand van die volgende geëvalueer :

- i. navorsings- en ontwikkelingskoste geopenbaar in finansiële jaarstate;
- ii. tendens vir die tydperk 1994 tot 1997 om navorsings- en ontwikkelingskoste te openbaar;
- iii. totale uitgawe aan navorsings- en ontwikkelingskoste;
- iv. navorsings- en ontwikkelingskoste geopenbaar as persentasie van omset;
- v. navorsings- en ontwikkelingskoste geopenbaar as persentasie van wins voor belasting;

- vi. tendense in punte (iv) en (v); en
- vii. navorsings- en ontwikkelingskoste aangegaan teenoor koste geopenbaar in 1994.

Figuur 6.3 : Navorsings- en ontwikkelingskoste geopenbaar


<i>Jaar</i>	Maatskappye wat navorsings- en ontwikkelingskoste geopenbaar het %	Maatskappye wat nie navorsings- en ontwikkelingskoste geopenbaar het nie %
1994	50	50
1995	69	31
1996	69	31
1997	75	25

RE122 vereis dat die totale uitgawe aan navorsings- en ontwikkelingskoste geopenbaar word, ongeag of die bedrag wesenlik is of nie. Aangesien al hierdie maatskappye aangetoon het dat hulle wel betrokke is by navorsing en ontwikkeling, en met die uitsondering van een maatskappy, ook 'n raming gegee het van die totale bedrag wat aan navorsing en ontwikkeling gedurende 1994 spandeer is, behoort al die maatskappye se 1994 finansiële jaarstate navorsings- en ontwikkelingskoste te toon.

In 1994 het slegs 50% van die maatskappye navorsings- en ontwikkelingskoste geopenbaar en dus aan die genoemde vereiste van RE122, wat op 1 Januarie 1994 in werking getree het, voldoen. In 1997 het 75% van die maatskappye wel aan hierdie vereiste voldoen, terwyl slegs 25% van die maatskappye nie daaraan voldoen het nie. Dit blyk dus asof maatskappye aanvanklik nie aan die vereiste van RE122 om navorsings- en ontwikkelingskoste te openbaar voldoen het nie, maar wel sedertdien die vereiste van RE122 implementeer het. Daar is 'n tendens om toenemend meer inligting oor die totale uitgawe aan navorsing en

ontwikkeling, te verskaf.

Figuur 6.4 : Totale uitgawe aan navorsings- en ontwikkeling



Die totale bedrag vir navorsings- en ontwikkelingskoste wat gedurende die tydperk 1994 tot 1997 openbaar is, het 'n stygende tendens getoon (sien figuur 6.4). Die toename van ongeveer 300% in die totale uitgawe aan navorsing en ontwikkeling vir die tydperk 1994 tot 1997, is 'n aanduiding dat die koste nie net weens inflasie gestyg het nie, maar dat maatskappye toenemend meer in navorsing en ontwikkeling investeer en/of meer inligting oor navorsings- en ontwikkelingskoste openbaar.

Die volgende tabelle toon die aantal maatskappye wat navorsings- en ontwikkelingskoste geopenbaar het, se navorsings- en ontwikkelingskoste as 'n persentasie van omset en 'n persentasie van wins voor belasting.

Figuur 6.5 : Navorsings- en ontwikkelingskoste as 'n persentasie van omset

Jaar	Totale aantal maatskappye	Navorsings- en ontwikkelingskoste as persentasie van omset		
		0%-1%	1%-2%	>2%
1994	8	6	1	1
1995	11	9	1	1
1996	11	9	1	1
1997	12	10	1	1

Figuur 6.6 : Navorsings- en ontwikkelingskoste as 'n persentasie van wins voor belasting


Jaar	Totale aantal maatskappye	Navorsings- en ontwikkelingskoste as persentasie van wins voor belasting		
		0%-1%	1%-2%	>2%
1994	8	1	2	5
1995	11	4	1	6
1996	11	3	2	6
1997	12	3	1	8

Die meerderheid van die maatskappye se uitgawe aan navorsing en ontwikkeling is meer as 2% van die maatskappye se wins voor belasting, maar minder as 1% van die totale omset van die maatskappye.

Navorsings- en ontwikkelingskoste verteenwoordig 'n wesenlike bedrag vir maatskappye wat betrokke is by navorsing en ontwikkeling. Dit is egter nie net 'n wesenlike bedrag vir ondernemings weens nie omvang van die koste nie, maar ook weens die aard daarvan, naamlik die koste is noodsaaklik vir die voortbestaan en groei van 'n onderneming. Navorsings- en ontwikkelingskoste behoort gevolglik afsonderlik in die finansiële jaarstate van maatskappye

openbaar te word, omdat dit nuttig vir die gebruikers van finansiële state kan wees, wanneer ekonomiese besluite geneem word. Alhoewel ondernemings wesentliche bedrae aan navorsing en ontwikkeling spandeer, sal die sukses daarvan eers in die toekoms bepaal word. Inligting rakende navorsing en ontwikkeling wat in finansiële jaarstate openbaar word, behoort gevolglik die gebruikers daarvan in staat te stel om die verwagte toekomstige sukses van navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite te evalueer.

Figuur 6.7: Tendense in navorsings- en ontwikkelingskoste as persentasie van omset en wins voor belasting




Die totale navorsings- en ontwikkelingskoste as persentasie van omset en wins voor belasting toon 'n stygende tendens vir die tydperk 1994 tot 1997 (sien figuur 6.7). In 1997 was die totale navorsings- en ontwikkelingskoste as persentasie van wins voor belasting effens laer as vir 1996, terwyl die persentasie van omset in dieselfde jaar (1997) egter steeds 'n stygende tendens getoon het. Die stygende tendens behoort na verwagting in die toekoms steeds voort te duur en beklemtoon weereens die belangrikheid van navorsings- en ontwikkelingskoste

en die noodsaaklikheid dat maatskappye wel hierdie koste afsonderlik in hulle finansiële jaarstate openbaar.

Ten spyte van die bogenoemde stygende tendens, vergelyk die belegging wat Suid-Afrikaanse maatskappye in navorsing en ontwikkeling maak, swak met internasionale maatskappye. Die totale navorsings- en ontwikkelingskoste in 1997 het 0,47% van die totale omset beloop. Die totale navorsings- en ontwikkelingskoste van die top 300 internasionale maatskappye in 1997, het volgens die *UK R&D Scoreboard* (1998) 4,6% van die totale omset beloop (sien ook hoofstuk 1). Die belegging wat Suid-Afrikaanse maatskappye in navorsing en ontwikkeling maak, is beduidend minder (4,13%) as dié van suksesvolle internasionale maatskappye.

In die SNO opname is maatskappye versoek om die totale koste vir navorsing en ontwikkeling wat gedurende 1994 aangegaan is, te toon. Die SNO het wel definisies vir basiese, toegepaste navorsing en ontwikkeling in hulle vraelys ingesluit (sien hoofstuk 5 vir hierdie definisies). Die definisies met betrekking tot navorsing en ontwikkeling wat in die SNO vraelys ingesluit is, is soortgelyk aan die definisies in RE122. 'n Vergelyking van die navorsings- en ontwikkelingskoste wat in die SNO opname aangetoon is, met die totale navorsings- en ontwikkelingskoste wat die maatskappye in 1994 in hulle finansiële jaarstate geopenbaar het, het aansienlike verskille getoon. Figuur 6.8 is 'n grafiese voorstelling van hierdie verskille in 1994.

Figuur 6.8 : Navorsings- en ontwikkelingskoste aangegaan teenoor koste geopenbaar in 1994



Die koste wat werklik ten opsigte van navorsing en ontwikkeling aangegaan is, is deurgaans meer as die koste wat in die finansiële jaarstate geopenbaar word. Die werklike uitgawe aan navorsing en ontwikkeling word dus nie in die 1994 finansiële jaarstate getoon nie. Weereens kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die finansiële jaarstate van maatskappye onvolledig is en nie 'n redelike weergawe is van die maatskappye se werklike betrokkenheid by navorsing en ontwikkeling nie.

Figuur 6.9 toon die navorsings- en ontwikkelingskoste geopenbaar vir die tydperk 1994 tot 1997 van die twee maatskappye wat in 1994 die grootste afwyking getoon het (sien figuur 6.8). Indien die aanname gemaak word dat dié maatskappye vir die tydperk 1995 tot 1997 dieselfde navorsings- en ontwikkelingskoste aangegaan het as wat in die 1994 SNO opname getoon is, word aansienlike verskille tussen die navorsings- en ontwikkelingskoste

aangegaan en koste geopenbaar, weereens getoon.

Figuur 6.9 : Navorsings- en ontwikkelingskoste aangegaan teenoor koste geopenbaar in 1994 tot 1997

	Maatskappy 1 R'000	Maatskappy 2 R'000
Koste in SNO opname getoon	70,000	15,000
Koste geopenbaar in finansiële state		
1994	-	-
1995	66,100	-
1996	91,000	-
1997	108,000	47,000

Maatskappy 1 toon 'n tendens om vir die tydperk 1994 tot 1997 meer inligting oor navorsings- en ontwikkelingskoste te openbaar. In 1995 is R66,1miljoen navorsings- en ontwikkelingskoste geopenbaar, wat steeds minder is as die aanname dat R70miljoen werklik aan navorsing en ontwikkeling spandeer is. Maatskappy 2 het geen koste vir die tydperk 1994 tot 1996 openbaar nie. Indien die aanname gemaak word dat maatskappy 2 in 1995 en 1996 R15miljoen per jaar aan navorsings- en ontwikkeling koste spandeer het, weerspieël hierdie maatskappy se finansiële state nie die werklike betrokkenheid van die maatskappy by navorsing en ontwikkeling nie en is die finansiële state nie 'n redelike weergawe van die maatskappy se navorsings- en ontwikkelings-aktiwiteite nie.

Die verskillende ontledings van navorsings- en ontwikkelingskoste het getoon dat die finansiële state van maatskappye nie die werklike betrokkenheid van die maatskappye by navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite weerspieël nie. Die openbaarmaking van navorsings- en ontwikkelingskoste het egter in die daaropvolgende drie jare (1995 tot 1997) verbeter. Dit kan moontlik wees omdat die effektiewe datum van rekeningkundige standaard RE122, wat die

openbaarmaking van navorsings- en ontwikkelingskoste vereis, 1 Januarie 1994 is, en maatskappye moontlik nie alreeds vir die 1994 finansiële jaar aan die vereistes van die standpunt voldoen het nie, maar eers in daaropvolgende jare RE122 geïmplementeer het. Daar is ook aangetoon dat navorsings- en ontwikkelingskoste 'n wesentliche bedrag verteenwoordig en dat dit noodsaaklik is dat die werklike totale uitgawe in die finansiële state openbaar word.

Bill Nixon (1997) van die Universiteit van Dundee in die Verenigde Koninkryk het bevind dat die *openbaarmaking* van navorsings- en ontwikkelingskoste belangriker geag word as die rekeningkundige verantwoordingsmetode daarvan. Finansiële jaarstate word verder ook nie beskou as die enigste kommunikasie-kanaal van inligting oor navorsing en ontwikkeling aan die gebruikers van finansiële state nie.

6.4.3 Rekeningkundige beleid

Figuur 6.10 : Rekeningkundige beleid vir navorsings- en ontwikkelingskoste


Jaar	Totale maatskappye	Rekeningkundige beleid		
		Geen rekeningkundige beleid	Navorsings- en ontwikkelingskoste as uitgawe erken	Navorsingskoste afgeskryf; Ontwikkelingskoste gekapitaliseer
1994	16	9	6	1
1995	16	6	5	5
1996	16	4	5	7
1997	16	2	7	7

Vir die 1994 finansiële jaar het 56% van die maatskappye geen rekeningkundige beleid met betrekking tot navorsings- en ontwikkelingskoste gehad nie. In 1997 het slegs 13% van die maatskappye nie 'n rekeningkundige beleid gehad nie.


Van die maatskappye wat wel in 1994 'n rekeningkundige beleid gehad het, het 86% 'n beleid aanvaar om navorsings- en ontwikkelingskoste onmiddellik as uitgawe te erken (voldoen nie aan die vereistes van RE122 nie) en 14% 'n beleid om navorsings- en ontwikkelingskoste as uitgawe te erken soos en wanneer die uitgawes aangegaan word en ontwikkelingskoste te kapitaliseer, indien dit na verwagting tot toekomstige ekonomiese voordele sal lei (voldoen aan die vereistes van RE122). In 1997 het 50% van die maatskappye met 'n rekeningkundige beleid, nie aan die vereistes van RE122 voldoen nie en 50% van die maatskappye het 'n beleid aanvaar wat aan die vereistes van RE122 voldoen.

Hier volg grafiese voorstellings van die tendense in die keuse van 'n rekeningkundige beleid rakende navorsings- en ontwikkelingskoste.


Figuur 6.11 : Geen rekeningkundige beleid



Figuur 6.12 : Navorsings- en ontwikkelingskoste word as uitgawe erken



Figuur 6.13 : Navorsingskoste word as uitgawe erken en ontwikkelingskoste gekapitaliseer, indien dit aan die kapitaliseringskriteria voldoen



Dit blyk dat maatskappye wel die vereistes van RE122 rakende die keuse van 'n rekeningkundige beleid met betrekking tot navorsings- en ontwikkelingskoste sedert die uitreiking van die standpunt in 1994 in die praktyk geïmplementeer het. Die swak resultate vir 1994 kan toegeskryf word aan die feit dat die effektiewe datum van RE122 1 Januarie 1994 is, en maatskappye moontlik nie alreeds vir die 1994 finansiële jaar aan die vereistes van die standpunt voldoen het nie, maar eers in daaropvolgende jare RE122 geïmplementeer het.

'n Opname in 1996 van 30 genoteerde publieke Suid-Afrikaanse maatskappye in verskillende sektore, het aangetoon dat daar nie aan die kapitaliserings- en openbaarmakingsvereistes van RE122 (1994), voldoen word nie (De Waal, 1997). Die 30 genoteerde maatskappye wat in die De Waal opname ingesluit is, was op 'n ewekansige grondslag geselekteer en die volgende bevindinge met betrekking tot die rekeningkundige beleid vir navorsings- en ontwikkelingskoste is gemaak :

- Twintig van die dertig ondernemings (67%) het 'n rekeningkundige beleid aanvaar om navorsings- en ontwikkelingskoste as uitgawe te erken soos en wanneer die koste aangegaan word. Daar word dus nie aan die vereistes van RE122 voldoen nie.
- Tien van die maatskappye (33%) het 'n rekeningkundige beleid aanvaar om navorsing- en ontwikkelingskoste onmiddellik as uitgawe te erken, tensy daar verwag word dat ontwikkelingskoste tot toekomstige ekonomiese voordele sal lei, in welke geval die ontwikkelingskoste gekapitaliseer word. Daar word dus aan RE122 voldoen.

Die De Waal opname was slegs 'n ondersoek na die rekeningkundige beleid en openbaarmaking rakende navorsings- en ontwikkelingskoste in maatskappye se finansiële jaarstate. Die betrokkenheid van die geselekteerde maatskappye by navorsing en ontwikkeling en die werklike navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite wat die maatskappye onderneem het, is nie in ag geneem nie. Die openbaarmaking van navorsing en ontwikkelingskoste in finansiële state moet

in konteks tot die navorsingsaktiwiteite wat werklik gedurende die jaar onderneem is, gebring word, voordat enige betekenisvolle gevolgtrekkings gemaak kan word.

Die bevinding van hierdie studie dat 50% van die publieke maatskappye wat betrokke is by navorsing en ontwikkeling, in 1997 (1996: 58%) 'n beleid wat voldoen aan die vereistes van RE122 aanvaar het, stem nie ooreen met die De Waal opname in 1996 waarin bevind is dat slegs 33% van die maatskappye geselekteer se keuse van 'n rekeningkundige beleid, aan die vereistes van RE122 voldoen het nie. Redes waarom verskillende bevindinge gemaak is, kan wees weens die steekproefkeuse en die werklike betrokkenheid van maatskappye by navorsing en ontwikkeling. Hierdie studie se fokuspunt en steekproefkeuse was ondernemings wat wel by navorsing en ontwikkeling betrokke is, terwyl die De Waal opname genoteerde maatskappye op 'n ewekansige grondslag geselekteer het. Die maatskappye wat in die De Waal opname ingesluit is, het nie noodwendig navorsing en ontwikkeling onderneem nie en die werklike betrokkenheid van hierdie maatskappye by navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite is buite rekening gelaat.

In die Verenigde Koninkryk het maatskappye die keuse om 'n rekeningkundige beleid te aanvaar om ontwikkelingskoste óf onmiddellik as uitgawe te erken óf te kapitaliseer (SSAP13, 1989). 'n Opname (Nixon, 1997) van maatskappye in die Verenigde Koninkryk in verskillende sektore het getoon dat 81% van die respondente 'n rekeningkundige beleid om navorsings- en ontwikkelingskoste onmiddellik as uitgawe te erken, aanvaar het. Maatskappye in die Nixon opname het ook 'n behoefte aan 'n rekeningkundige beleid wat ooreenstem met internasionale rekeningkundige praktyke (en spesifiek ook die VSA), geïdentifiseer. Dit wil dus voorkom asof maatskappye in die praktyk verkies om navorsings- en ontwikkelingskoste onmiddellik as uitgawe te erken.

6.4.4 Ontwikkelingskoste gekapitaliseer

In 1994 het slegs een van die maatskappye wat in die steekproef ingesluit is, gekapitaliseerde ontwikkelingskoste in die balansstaat getoon. In die daaropvolgende tydperke, naamlik 1995 tot 1997, was dit steeds net hierdie maatskappy wat gekapitaliseerde ontwikkelingskoste in die balansstaat getoon het.

Hoewel verskeie maatskappye 'n beleid aanvaar het om ontwikkelingskoste te kapitaliseer, indien daar aan sekere vereistes voldoen word, het slegs een maatskappy se finansiële state gekapitaliseerde ontwikkelingskoste getoon. Hierdie maatskappye wat geen gekapitaliseerde ontwikkelingskoste gehad het nie, het egter almal aangetoon dat hulle wel navorsing en ontwikkeling op 'n deurlopende grondslag uitvoer. Hierdie bewyse van hoë navorsings- en ontwikkelingsproduktiwiteit op ondernemingsvlak, asook die voorbeelde van innovasies wat die maatskappye gelys het, is 'n sterk aanduiding dat dit onwaarskynlik is dat geen van hierdie ontwikkelingskoste na verwagting tot toekomstige ekonomiese voordele sal lei nie en dat hierdie koste nie volgens RE122 aan die vereiste kriteria vir kapitalisering voldoen het nie. Die ondersoek van die maatskappye se finansiële jaarstate het ook bewyse gelewer van verskeie suksesvolle navorsing wat deur die betrokke maatskappye onderneem is. So byvoorbeeld is daar as deel van die addisionele inligting wat saam met die finansiële jaarstate gepubliseer is (byvoorbeeld die voorsittersverslag, verslag van die besturende direkteur, oorsig van die verskillende bedrywighede, ensovoorts) aangetoon dat nuwe produkte wat suksesvol ontwikkel is, gedurende die betrokke jaar bekendgestel is, en dat hoër winste toegeskryf kan word aan die maatskappy se verbintenis tot innovasie en navorsing en ontwikkeling.

Hoewel publieke maatskappye wat betrokke by navorsing en ontwikkeling is, se rekeningkundige beleid wel aan die vereistes van RE122 voldoen, wil dit voorkom of die korrekte rekeningkundige verantwoordingsmetode nie prakties

geïmplementeer word nie. Ontwikkelingskoste word nie gekapitaliseer nie, maar onmiddellik as uitgawe erken en rekeningkundig dieselfde as navorsingskoste verantwoord.

Dit is die bestuur van 'n onderneming verantwoordelikheid om te bepaal of ontwikkelingskoste wel volgens RE122 aan die kapitaliseringskriteria voldoen. Die kriteria vir die kapitalisering van ontwikkelingskoste verg noodwendig oordeel. Indien die oordeel van bestuur vereis word om 'n toepaslike rekeningkundige verantwoordingsmetode te bepaal, kan dit verskillende interpretasies en toepassings tot gevolg hê. Die rekeningkundige verantwoording van ontwikkelingskoste kan gevolglik subjektief wees, aangesien die toepassing van die kapitaliseringskriteria in RE122 grotendeels van die bestuur se oordeel afhang.

In die Verenigde Koninkryk waar maatskappye 'n keuse het om ontwikkelingskoste óf onmiddellik as uitgawe te erken óf te kapitaliseer, verkies maatskappye om ontwikkelingskoste onmiddellik as uitgawe te erken, ten spyte daarvan dat die ontwikkelingskoste aan die kapitaliseringskriteria van beide SSAP13 (1989) en IAS9 (1993) voldoen (Nixon 1997). Maatskappye in die vervaardigingsektor het in die Nixon opname (1997) aangetoon dat die toekomstige voordele van navorsing en ontwikkeling nie van 'n onsekere aard is nie. Hierdie bevinding ondersteun dus die keuse van 'n beleid om ontwikkelingskoste te kapitaliseer.

Die De Waal opname (1997) het ook met betrekking tot die kapitalisering van ontwikkelingskoste bevind dat maatskappye met 'n rekeningkundige beleid wat aan die vereistes van RE122 voldoen, se balansstate geen gekapitaliseerde ontwikkelingskoste getoon het nie. Ontwikkelingskoste is dus rekeningkundig op dieselfde wyse verantwoord as navorsingskoste en die gevolgtrekking kan moontlik gemaak word dat hierdie maatskappye ook nie daarin geslaag het om die vereistes van RE122 na te kom nie.

Daar behoort egter nie in die algemeen tot die gevolgtrekking te kom, dat

ondernemings wat 'n beleid het om ontwikkelingskoste te kapitaliseer indien dit toekomstige ekonomiese voordele tot gevolg sal hê en geen ontwikkelingskoste werklik op die balansstaat gekapitaliseer is nie, nie aan die vereistes van RE122 voldoen nie. 'n Moontlike rede waarom geen ontwikkelingskoste gekapitaliseer is nie, is dat die maatskappye geen betrokkenheid by navorsing en ontwikkeling gedurende die betrokke jaar gehad het nie. Die feit dat geeneen van die dertig genoteerde maatskappye in die De Waal opname ontwikkelingskoste gekapitaliseer het nie, kan wel 'n aanduiding wees dat ontwikkelingskoste selde in die praktyk gekapitaliseer word - kapitalisering is die uitsondering, eerder as die reël.

Daar is ook bevind dat daar geen verwantskap bestaan tussen die rekeningkundige verantwoordingsmetode vir navorsings- en ontwikkelingskoste en (i) die vermoë van die maatskappy om finansiering te verkry en (ii) die koste spandeer aan navorsing en ontwikkeling, nie. Die afwesigheid van hierdie genoemde verwantskap word ook ondersteun deur bevindinge dat ontleders van finansiële state nie mislei word deur die rekeningkundige verantwoordingsmetode vir navorsings- en ontwikkelingskoste nie (Green, *et al.*, 1996:212; Nixon, 1997).

6.4.5 Openbaarmaking van ander inligting oor navorsing en ontwikkeling

Rekeningkundige standpunt RE122.35 moedig ondernemings aan om 'n beskrywing van hulle navorsings- en ontwikkelingsbedrywighede by hulle finansiële jaarstate in te sluit (dit is nie vereiste openbaarmaking nie). 'n Ondersoek van die finansiële jaarstate van maatskappye het egter getoon dat maatskappye baie min addisionele inligting met betrekking tot hulle navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite toon.

Waar maatskappye wel addisionele inligting oor navorsing en ontwikkeling getoon het, is dit nie as deel van die maatskappy se finansiële jaarstate openbaar nie, maar as deel van die volgende :

- missie van die maatskappy;
- voorsittersverslag;
- verslag van die besturende direkteur;
- bedryfsoorsig;
- oorsig van divisies.

Die tipe addisionele inligting wat maatskappye oor navorsing en ontwikkeling openbaar het, sluit die volgende in:

- Die belangrikheid van innovasie en navorsing en ontwikkeling vir die maatskappy word vermeld. Verskeie maatskappye meld die effek van kompetisie op die maatskappy en die noodsaaklikheid om 'n kompeterende posisie te behou deur deurlopend innoverend op te tree en nuwe produkte te ontwikkel.
- Daar word verwys na nuwe produkte wat suksesvol ontwikkel is en gedurende die jaar bekendgestel is. Sommige maatskappye gee 'n gedetailleerde beskrywing van die nuwe produkte en meld die effek daarvan op die toename in omset.
- Die betrokkenheid van 'n maatskappy by navorsing en ontwikkeling word in die algemeen genoem. Spesifieke besonderhede van navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite word selde openbaar.
- Baie maatskappye meld dat die maatskappy in die toekoms verskeie navorsingsprojekte gaan onderneem.
- Verskeie maatskappye het 'n afsonderlike afdeling vir navorsing en ontwikkeling en verwys slegs in die algemeen na suksesvolle projekte wat afgehandel is en nuwe projekte wat vir die toekoms beplan word.

Maatskappye in Suid-Afrika openbaar dus in hulle finansiële jaarstate net die minimum vereiste inligting oor navorsing en ontwikkeling en openbaar baie min addisionele inligting oor navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite. Waar addisionele inligting wel getoon word, word daar slegs in die algemeen na die belangrikheid van innovasie en navorsing en ontwikkeling verwys en dat die

maatskappy wel daartoe verbind is. Hierdie inligting is baie vaag en dit wil voorkom asof die inligting eerder getoon word vir publisiteit, as om werklik waarde toe te voeg tot die inligting wat gekommunikeer word oor navorsing en ontwikkeling.

Nixon (1997) het ook bevind dat maatskappye slegs die minimum inligting wat deur SSAP13 vereis word, openbaar in konteks tot die geouditeerde finansiële state. Verskeie objektiewe en verifieerbare inligting rakende navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite is in korporatiewe verslae, as deel van die totale finansiële jaarstate, getoon. Chandler (1994:85) kom egter tot die gevolgtrekking dat dit onwaarskynlik is dat hierdie algemene inligting gebruikers (en spesifiek ook finansiële analiste) van noodsaaklike inligting rakende die navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite van 'n onderneming sal voorsien. Spesifieke riglyne behoort dus opgestel te word ten opsigte van die omvang, aard en tipe inligting wat addisioneel oor navorsing en ontwikkeling geopenbaar behoort te word. Slegs dan sal inligting aan die gebruikers van finansiële state verskaf word, wat nuttig vir besluitnemingsdoeleindes is.

6.5 OPSOMMING VAN RESULTATE

Die volgende is 'n opsomming van die belangrikste resultate wat die empiriese studie gelewer het :

- Alle maatskappye wat in die steekproef ingesluit is, was betrokke by navorsing en ontwikkeling en die meerderheid van die ondernemings het navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite op 'n deurlopende grondslag uitgevoer.
- In 1994 het min maatskappye navorsings- en ontwikkelingskoste wat aangegaan is in hulle finansiële jaarstate openbaar en gevolglik nie aan die openbaarmakingsvereistes van RE122 voldoen nie. 'n Evaluering van die finansiële jaarstate van die daaropvolgende tydperke, naamlik 1995

tot 1997, het egter getoon dat die meerderheid van die maatskappye wel navorsings- en ontwikkelingskoste geopenbaar het en dus wel aan die vereistes van RE122 voldoen. Daar is 'n tendens by publieke maatskappye geïdentifiseer om meer inligting rakende hulle totale investering in navorsing en ontwikkeling, te openbaar.

